Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 583 Cape Town, Kaapstad, 27 January 2014 **No. 37268**

THE PRESIDENCY

No. 52 27 January 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 37 of 2013: Criminal Law (Forensic Procedures) Amendment Act, 2013

DIE PRESIDENSIE

No. 52 27 Januarie 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 37 van 2013: Wysigingswet op die Strafreg (Forensiese Prosedures), 2013

9 771682 584003 37268

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ]	Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
_____	Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)
(Assented to 23 January 2014)

ACT

To amend the Criminal Procedure Act, 1977, so as to provide for the taking of specified bodily samples from certain categories of persons for the purposes of forensic DNA analysis; to provide in particular for the protection of the rights of women and children in the taking of DNA samples; to further regulate proof of certain facts by affidavit or certificate; to add to the Criminal Procedure Act, 1977, a Schedule 8 of offences in respect of which DNA samples must be taken; to amend the South African Police Service Act, 1995, to establish and regulate the administration and maintenance of the National Forensic DNA Database of South Africa; to provide for the conditions under which the samples or forensic DNA profiles derived from the samples may be retained or the periods within which they must be destroyed; to provide for the use of forensic DNA profiles in the investigation of crime and the use of such profiles in proving the innocence or guilt of persons before or during a prosecution or the exoneration of convicted persons, to assist in the identification of missing persons and unidentified human remains; to provide for protection of the rights of children in the retention and removal of forensic DNA profiles; to provide for oversight over the National Forensic DNA Database and the handling of complaints relating to the taking, retention and use of DNA samples and forensic DNA profiles; to repeal certain provisions of the Firearms Control Act, 2000, and the Explosives Act, 2003, which overlap with powers provided for in the Criminal Procedure Act, 1977, regulating the powers in respect of the taking of fingerprints and bodily samples for investigation purposes; to provide for transitional provisions in respect of the DNA database; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 36A of Act 51 of 1977, as inserted by section 2 of Act 6 of 2010

1. Section 36A of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended—
(a) by the insertion before the definition of ''authorised person'' of the following definition:
''*(a*A*)* **'authorised officer'** means the police officer commanding the Division responsible for forensic services within the South African Police Service, or his or her delegate;'';

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 23 Januarie 2014)

WET

Tot wysiging van die Strafproseswet, 1977, ten einde voorsiening te maak vir die neem van bepaalde liggaamlike monsters van sekere kategorieë persone vir die doel van forensiese DNS-ontleding; in die besonder voorsiening te maak vir die beskerming van die regte van vroue en kinders by die neem van DNS-monsters; bewys van sekere feite deur beëdigde verklaring of sertifikaat verder te reël; 'n Bylae 8 van misdrywe ten opsigte waarvan DNS-monsters geneem moet word tot die Strafproseswet, 1977, by te voeg; die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995, te wysig om die administrasie en instandhouding van die Nasionale Forensiese DNS-databasis van Suid-Afrika in te stel en te reël; voorsiening te maak vir die omstandighede waaronder die monsters of forensiese DNS-profiele aan die monsters ontleen, behou kan word of die tydperke waarna dit vernietig moet word; voorsiening te maak vir die gebruik van forensiese DNS-profiele in die ondersoek van misdaad en die gebruik van die profiele om die onskuld of skuld voor of tydens 'n vervolging te bewys of vir die verontskuldiging van veroordeelde persone, te help met die identifikasie van vermiste persone en ongeïdentifiseerde menslike oorskot; voorsiening te maak vir die beskerming van die regte van kinders in die behoud en verwydering van forensiese DNS-profiele; voorsiening te maak vir oorsig oor die Nasionale Forensiese DNS-databasis en die hantering van klagtes met betrekking tot die neem, hou en gebruik van DNS-monsters en forensiese DNS-profiele; sekere bepalings van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000, en die Wet op Springstof, 2003, te skrap wat oorvleuel met bevoegdhede waarvoor in die Strafproseswet, 1977, voorsiening gemaak word wat die bevoegdhede ten opsigte van die neem van vingerafdrukke en liggaamlike monsters vir ondersoekdoeleindes reguleer; voorsiening te maak vir oorgangsbepalings ten opsigte van die DNS-databasis; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 36A van Wet 51 van 1977, soos ingevoeg deur artikel 2 van Wet 6 van 2010

1. Artikel 36A van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig—

(a) deur die volgende omskrywings voor die omskrywing van "gemagtigde persoon" in te voeg:

"*(a*A*)* **'DNS'** deoksiribonukleïensuur wat 'n biochemiese molekule is wat in die selle voorkom en wat elke spesie uniek maak;

(b) by the substitution for the definition of ''authorised person'' of the following definition:

''*(b)* **'authorised person'** means—

(i) with reference to photographic images, fingerprints or body-prints, any police official or a member of the Independent Police Investigative Directorate, referred to in the Independent Police Investigative Directorate Act, in the performance of his or her official duties; and

(ii) with reference to buccal samples, any police official or member of the Independent Police Investigative Directorate, referred to in the Independent Police Investigative Directorate Act, who is not the crime scene examiner of the particular case, but has successfully undergone the training prescribed by the Minister of Health under the National Health Act, in respect of the taking of a buccal sample;'';

(c) by the insertion after the definition of ''body-prints'' of the following definitions:

''*(c*A*)* **'bodily sample'** means intimate or buccal samples taken from a person;

*(c*B*)* **'buccal sample'** means a sample of cellular material taken from the inside of a person's mouth;'';

(d) by the substitution for the definition of ''comparative search'' of the following definition:

''*(f)* **'comparative search'** means the comparing **[of fingerprints, body-prints or photographic images, taken under any power conferred by this Chapter,]** by **[an]** the authorised officer of—

(i) fingerprints, body-prints or photographic images, taken under any power conferred by this Chapter, against any database referred to in Chapter 5A of the South African Police Service Act; and

(ii) forensic DNA profiles derived from bodily samples, taken under any power conferred by this Chapter, against forensic DNA profiles contained in the different indices of the NFDD referred to in Chapter 5B of the South African Police Service Act;'';

(e) by the insertion, after the definition of **"comparative search"**, of the following definitions:

''*(f*A*)* **'crime scene sample'** means physical evidence which is retrieved from the crime scene or any other place where evidence of the crime may be found, and may include physical evidence collected from the body of a person, including a sample taken from a nail or from under the nail of a person;

*(f*B*)* **'DNA'** means deoxyribonucleic acid which is a bio-chemical molecule found in the cells and that makes each species unique;

*(f*C*)* **'forensic DNA analysis'** means the analysis of sections of the DNA of a bodily sample or crime scene sample to determine the forensic DNA profile: Provided that this does not relate to any analysis pertaining to medical tests or for health purposes or mental characteristic of a person or to determine any physical information of the person other than the sex of that person;

*(a*B*)* **'forensiese DNS-ontleding'** die ontleding van dele van die DNS van 'n liggaamlike of misdaadtoneelmonster om die forensiese DNS-profiel te bepaal: Met dien verstande dat dit nie verband hou nie met enige ontleding met betrekking tot mediese toetse of vir gesondheidsdoeleindes of verstandelike karaktertrekke van 'n persoon of om enige fisieke inligting van die persoon buiten die geslag van daardie persoon, vas te stel nie;

*(a*C*)* **'forensiese DNS-profiel'** die resultate verkry uit die forensiese DNS-ontleding van liggaamlike monsters wat van 'n persoon geneem is of monsters wat van 'n misdaadtoneel geneem is, wat 'n unieke string alfanumeriese karakters daarstel vir identiteitsverwysing: Met dien verstande dat dit geen inligting mag bevat oor die gesondheid of mediese toestand of verstandelike karaktertrekke van 'n persoon of die voorbeskiktheid of fisieke inligting van die persoon buiten die geslag van daardie persoon nie;

*(a*D*)* **'gemagtigde beampte'** die polisiebeampte in bevel van die afdeling verantwoordelik vir forensiese dienste in die Suid-Afrikaanse Polisiediens, of sy of haar gedelegeerde;'';

(b) deur die omskrywing van ''gemagtigde persoon'' deur die volgende omskrywing te vervang:

''*(b)* **'gemagtigde persoon'**—

(i) met verwysing na fotografiese beelde, vingerafdrukke of liggaamsafdrukke, enige polisiebeampte of 'n lid van die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat, bedoel in die OPOD-wet, in die uitvoering van sy of haar amptelike pligte; en

(ii) met verwysing na wangholtemonsters, enige polisiebeampte of lid van die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat, bedoel in die OPOD-wet, wat nie die misdaadtoneelondersoeker in die bepaalde saak is nie, maar wat die opleiding voorgeskryf deur die Minister van Gesondheid kragtens die Nasionale Gesondheidswet oor die neem van 'n wangholtemonster, suksesvol deurloop het;'';

(c) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van ''geskikte persoon'' in te voeg:

''*(b*A*)* **'intieme monster'** 'n monster van bloed of skaamhare of 'n monster geneem van die area van die geslagsdele of anale opening van die liggaam van 'n persoon, met uitsondering van 'n wangholtemonster;'';

(d) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''kind'' in te voeg:

''*(c*A*)* **'liggaamlike monster'** intieme of wangholtemonsters wat van 'n persoon geneem is;'';

(e) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van ''liggaamsafdrukke'' in te voeg:

''*(d*A*)* **'misdaadtoneelmonster'** fisieke bewyse wat op die misdaadtoneel of enige ander plek waar bewyse van die misdaad gevind kan word, herwin word, en kan ook fisieke bewyse insluit wat van die liggaam van 'n persoon versamel is, met inbegrip van 'n monster wat van die nael of van onder die nael van 'n persoon geneem is;

*(d*B*)* **'Nasionale Gesondheidswet'** die 'National Health Act, 2003' (Wet No. 61 van 2003);

*(d*C*)* **'NFDD'** die Nasionale Forensiese DNS-databasis van Suid-Afrika, ingestel by artikel 15G van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens;'';

*(d*D*)* **'OPOD-wet'** die 'Independent Police Investigative Directorate Act, 2011' (Wet No. 1 van 2011);

*(f*D*)* **'forensic DNA profile'** means the results obtained from forensic DNA analysis of bodily samples taken from a person or samples taken from a crime scene, providing a unique string of alpha numeric characters to provide identity reference: Provided this does not contain any information on the health or medical condition or mental characteristic of a person or the predisposition or physical information of the person other than the sex of that person;

*(f*E*)* **'Independent Police Investigative Directorate Act'** means the Independent Police Investigative Directorate Act, 2011 (Act No. 1 of 2011);

*(f*F*)* **'intimate sample'** means a sample of blood or pubic hair or a sample taken from the genitals or anal orifice area of the body of a person, excluding a buccal sample;

*(f*G*)* **'National Health Act'** means the National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003);

*(f*H*)* **'NFDD'** means the National Forensic DNA Database of South Africa, established in terms of section 15G of the South African Police Service Act;'';

(f) by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''Any police official who, in terms of this Act or any other law takes the fingerprints, a body-print or buccal sample or ascertains any bodily feature of a child must—''; and

(g) by the addition of the following subsections:

''(3) Buccal samples must be taken by an authorised person who is of the same gender as the person from whom such sample is required with strict regard to decency and order.

(4) Notwithstanding any other law, an authorised person may take a buccal sample or cause the taking of any other bodily sample with the consent of the person whose sample is required or if authorised under—

(a) section 36D; or

(b) section 36E.

(5) Any authorised person who, in terms of this Chapter or in terms of any other law takes a buccal sample from any person, must do so—

(a) in accordance with the requirements of any regulation made by the Minister of Police; and

(b) in a designated area deemed suitable for such purposes by the Departmental Heads: Police, Justice and Constitutional Development or Correctional Services in their area of responsibility.''.

Insertion of sections 36D and 36E in Act 51 of 1977

2. The following sections are hereby inserted in the Criminal Procedure Act, 1977, after section 36C:

''**Powers in respect of buccal samples, bodily samples and crime scene samples**

36D. (1) Subject to section 36A(5), an authorised person must—

(a) take a buccal sample; or

(b) cause the taking of any other bodily sample by a registered medical practitioner or registered nurse defined in the National Health Act,

of any person—

(i) after arrest but before appearance in court to be formally charged for any offence referred to in Schedule 8;

(d) deur die omskrywing van "vergelykende soektog" deur die volgende omskrywing te vervang:

"*(e)* **'vergelykende soektog'** die vergelyking **[van vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde wat]** deur **['n]** die gemagtigde **[persoon geneem is kragtens enige bevoegdheid ingevolge hierdie Hoofstuk verleen,]** beampte van—

(i) vingerafdrukke, liggaamsafdrukke of fotografiese beelde, geneem kragtens enige bevoegdheid deur hierdie Hoofstuk verleen, met dié in enige databasis waarna in Hoofstuk 5A van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens verwys word; en

(ii) forensiese DNS-profiele ontleen aan liggaamlike monsters, geneem ingevolge enige bevoegdheid deur hierdie Hoofstuk verleen, teen forensiese DNS-profiele in die verskillende indekse van die NFDD in Hoofstuk 5B van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens bedoel;";

(e) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "vergelykende soektog" in te voeg:

"*(e*A*)* **'wangholtemonster'** 'n monster van sellulêre materiaal wat van die binnekant van 'n persoon se mond geneem is;";

(f) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Enige polisiebeampte wat, ingevolge hierdie Wet of enige ander wet die vingerafdrukke **[of]**, 'n liggaamsafdruk of wangholtemonster van 'n kind neem of enige liggaamlike kenmerk van 'n kind vasstel, moet—"; en

(g) deur die volgende subartikels by te voeg:

"(3) Wangholtemonsters moet deur 'n gemagtigde persoon wat van dieselfde geslag is as die persoon van wie sodanige monster benodig word, en met streng behoud van welvoeglikheid en orde, geneem word.

(4) Ondanks enige ander wet, kan 'n gemagtigde persoon 'n wangholtemonster neem of enige ander liggaamlike monster laat neem met die toestemming van die persoon wie se monster benodig word of met magtiging kragtens—

(a) artikel 36D; of

(b) artikel 36E.

(5) Enige gemagtigde persoon wat, ingevolge hierdie Hoofstuk of ingevolge enige ander wet, 'n wangholtemonster van 'n persoon neem, moet dit doen—

(a) ooreenkomstig die vereistes van enige regulasie deur die Minister van Polisie uitgevaardig; en

(b) in 'n aangewese gebied wat die departementshoofde: Polisie, Justisie en Staatkundige Ontwikkeling of Korrektiewe Dienste in hul verantwoordelikheidsgebied geskik ag vir sodanige doeleindes.".

Invoeging van artikels 36D en 36E in Wet 51 van 1977

2. Die volgende artikels word hierby na artikel 36C in die Strafproseswet, 1977, ingevoeg:

"**Bevoegdhede ten opsigte van wangholtemonsters, liggaamlike monsters en misdaadtoneelmonsters**

36D. (1) Behoudens artikel 36A(5), moet 'n gemagtigde persoon—

(a) 'n wangholtemonster neem; of

(b) enige ander liggaamlike monster deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of geregistreerde verpleegkundige in die Nasionale Gesondheidswet omskryf, laat neem van,

'n persoon—

(i) na inhegtenisneming maar voor verskyning voor die hof om formeel aangekla te word vir 'n misdryf in Bylae 8 bedoel;

(ii) released on bail in respect of any offence referred to in Schedule 8, if a buccal sample or a bodily sample of that person was not taken upon his or her arrest;
(iii) upon whom a summons has been served in respect of any offence referred to in Schedule 8;
(iv) whose name appears on the National Register for Sex Offenders; or
(v) charged or convicted by a court in respect of any offence, which the Minister has by notice in the *Gazette*, and after notification of Parliament, declared to be an offence for the purposes of this subsection.

(2) Subject to section 36A(5), an authorised person may—
(a) take a buccal sample; or
(b) cause the taking of any other bodily sample by a registered medical practitioner or registered nurse,
of any person—
(i) after arrest but before appearance in court to be formally charged in respect of any offence;
(ii) released on bail in respect of any offence, if a buccal sample or bodily sample was not taken upon his or her arrest;
(iii) upon whom a summons has been served in respect of any offence;
(iv) whose name appears on the National Register for Sex Offenders; or
(v) charged or convicted by a court in respect of any offence, which the Minister has by notice in the *Gazette*, and after notification of Parliament, declared to be an offence for the purposes of this subsection.

(3) The authorised person must supervise the taking of a buccal sample from a person referred to in subsection (1) or (2) who is required to submit such sample and who requests to take it himself or herself.

(4) The Station Commander or other relevant commander must within 30 days furnish every bodily sample taken under subsection (1) or (2) to the authorised officer, who must carry out a forensic DNA analysis on every such sample in terms of Chapter 5B of the South African Police Service Act.

(5) Subject to section 36A(5), nothing in this Chapter prohibits—
(a) an authorised person from re-taking or supervising the re-taking of a buccal sample from any person referred to in subsection (1), (2) or (3), if the buccal sample taken from him or her was either not suitable or insufficient for forensic DNA analysis; or
(b) a registered medical practitioner or registered nurse from re-taking a bodily sample taken from any person referred to in subsection (1) or (2), if the bodily sample taken from him or her was either not suitable or insufficient for forensic DNA analysis.

(6) The forensic DNA profile derived from bodily samples, taken under any power conferred by this section, may be used to conduct a comparative search.

(7) *(a)* Any forensic DNA profile derived from such sample, taken under any power conferred by this section must only be used for the purposes referred to in section 15F of the South African Police Service Act.

(b) The forensic DNA profile derived from bodily samples, taken under any power conferred by this section must be retained on, or removed from, the NFDD in accordance with the provisions of Chapter 5B of the South African Police Service Act.

(c) Any person who uses or allows the use of a bodily sample, crime scene sample or any forensic DNA profile derived from such sample for any purpose other than as contemplated in paragraph *(a)*, is guilty of an offence and liable in the case of a natural person, to imprisonment for a period not exceeding 15 years, and in the case of a juristic person, to a fine.

(ii) op borgtog vrygelaat ten opsigte van enige misdryf in Bylae 8 bedoel, indien 'n wangholtemonster of liggaamlike monster van daardie persoon nie ten tyde van sy of haar inhegtenisneming geneem is nie;
(iii) op wie 'n dagvaardiging beteken is ten opsigte van enige misdryf in Bylae 8 bedoel;
(iv) wie se naam in die Nasionale Register vir Seks-oortreders verskyn; of
(v) aangekla of skuldig bevind deur 'n hof ten opsigte van enige misdryf, wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* en na kennisgewing aan die Parlement, verklaar het by die toepassing van hierdie subartikel 'n misdryf te wees.

(2) Behoudens artikel 36A(5), kan 'n gemagtigde persoon—
(a) 'n wangholtemonster neem; of
(b) enige ander liggaamlike monster deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of geregistreerde verpleegkundige laat neem,
van 'n persoon—
(i) na inhegtenisneming maar voor verskyning voor die hof om formeel ten opsigte van enige misdryf aangekla te word;
(ii) op borgtog vrygelaat ten opsigte van enige misdryf, indien 'n wangholtemonster of liggaamlike monster nie ten tyde van sy of haar inhegtenisneming geneem is nie;
(iii) op wie 'n dagvaardiging ten opsigte van enige misdryf beteken is;
(iv) wie se naam in die Nasionale Register vir Seks-oortreders verskyn; of
(v) aangekla of deur 'n hof skuldig bevind aan enige misdryf, wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* en nadat die Parlement in kennis gestel is, verklaar het by die toepassing van hierdie subartikel 'n misdryf te wees,

(3) Die gemagtigde persoon moet toesig hou oor die neem van 'n wangholtemonster van 'n persoon in subartikel (1) of (2) bedoel wat sodanige monster moet indien en wat versoek om dit self te neem.

(4) Die Stasiebevelvoerder of ander tersaaklike bevelvoerder moet binne 30 dae elke liggaamlike monster wat kragtens subartikel (1) of (2) geneem is aan die gemagtigde beampte verstrek, wat 'n forensiese DNS-ontleding op elke monster moet uitvoer ingevolge Hoofstuk 5B van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

(5) Behoudens artikel 36A(5), belet niks in hierdie Hoofstuk—
(a) 'n gemagtigde persoon om 'n wangholtemonster van enige persoon bedoel in subartikel (1), (2) of (3) weer te neem of om toesig oor die herneem daarvan te hou nie, indien die wangholtemonster wat van hom of haar geneem is ongeskik of onvoldoende vir forensiese DNS-ontleding was; of
(b) 'n geregistreerde mediese praktisyn of geregistreerde verpleegkundige om 'n liggaamlike monster van enige persoon bedoel in subartikel (1) of (2) weer te neem nie, indien die liggaamlike monster wat van hom of haar geneem is nie geskik nie of onvoldoende vir forensiese DNS-ontleding was.

(6) Die forensiese DNS-profiele wat ontleen is aan liggaamlike monsters wat geneem is kragtens enige bevoegdheid deur hierdie artikel verleen, kan gebruik word om 'n vergelykende soektog te doen.

(7) *(a)* Enige forensiese DNS-profiel wat aan sodanige monster ontleen is wat geneem is kragtens enige bevoegdheid deur hierdie artikel verleen, mag slegs vir die doeleindes in artikel 15F van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens bedoel, gebruik word.

(b) Die forensiese DNS-profiel wat aan liggaamlike monsters ontleen is wat geneem is kragtens enige bevoegdheid deur hierdie artikel verleen, moet op die NFDD gehou of daarvan verwyder word ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk 5B van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

(c) 'n Persoon wat 'n liggaamlike monster, misdaadtoneelmonster of enige forensiese DNS-profiel verkry van sodanige monster, gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir enige doel wat nie in paragraaf *(a)* beoog word nie, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar, in die geval van 'n natuurlike persoon, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar, en in die geval van 'n regspersoon, met 'n boete.

(d) Intimate samples may only be taken—
(i) by a registered medical practitioner or registered nurse; and
(ii) in accordance with strict regard to decency and order.

Samples for investigation purposes

36E. (1) Subject to subsection (2) and section 36A(5), an authorised person may take a buccal sample of a person or a group of persons, or supervise the taking of a buccal sample from a person who is required to submit such sample and who requests to do so himself or herself if there are reasonable grounds to—
(a) suspect that the person or that one or more of the persons in that group has committed an offence referred to in Schedule 8; and
(b) believe that the buccal sample or the results of the forensic DNA analysis thereof, will be of value in the investigation by excluding or including one or more of those persons as possible perpetrators of the offence.

(2) If a person does not consent to the taking of a buccal sample under this section, a warrant may be issued by a judge or a magistrate if it appears from written information given by the authorised person on oath or affirmation that there are reasonable grounds for believing that—
(a) any person from whom a buccal sample is required has committed an offence listed in Schedule 8; and
(b) the sample or the results of an examination thereof, will be of value in the investigation by excluding or including that person as a possible perpetrator of the offence.

(3) The provisions of section 36D(4), (5)*(a)*, (6) and (7) apply with the necessary changes, to a sample or forensic DNA profile derived therefrom as contemplated in subsection (1).".

Amendment of section 212 of Act 51 of 1977, as amended by section 12 of Act 56 of 1979, sections 46 and 47 of Act 97 of 1986, section 11 of Act 5 of 1991, section 40 of Act 122 of 1991, section 9 of Act 86 of 1996, section 6 of Act 34 of 1998 and section 4 of Act 6 of 2010

3. Section 212 of the Criminal Procedure Act, 1977, is hereby amended by—
(a) the substitution for subsection (6) of the following subsection:
"(6) In criminal proceedings in which the finding of or action taken in connection with any particular fingerprint **[or]**, body-print, bodily sample or crime scene sample is relevant to the issue, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he or she is in the service of the State and that he or she is in the performance of his or her official duties—
(a) found such fingerprint **[or]**, body-print, bodily sample or crime scene sample at or in the place or on or in the article or in the position or circumstances stated in the affidavit; or
(b) dealt with such fingerprint **[or]**, body-print, bodily sample or crime scene sample in the manner stated in the affidavit, shall, upon the mere production thereof at such proceedings, be *prima facie* proof that such fingerprint **[or]**, body-print, bodily sample or crime scene sample, was so found or, as the case may be, was so dealt with.";
and
(b) the substitution in subsection (8) for paragraph *(a)* of the following paragraph:
"*(a)* In criminal proceedings in which the collection, receipt, custody, packing, marking, delivery or despatch of any fingerprint or body-print, article of clothing, specimen, bodily sample, crime scene sample, tissue (as defined in section 1 of the National Health Act), or any object of

(d) Intieme monsters kan slegs geneem word—

(i) deur 'n geregistreerde mediese praktisyn of geregistreerde verpleegkundige; en

(ii) ooreenkomstig streng behoud van welvoeglikheid en orde.

Monsters vir ondersoekdoeleindes

36E. (1) Behoudens subartikel (2) en artikel 36A(5), kan 'n gemagtigde persoon 'n wangholtemonster van 'n persoon of 'n groep persone neem, of toesig hou oor die neem van 'n wangholtemonster van 'n persoon wat sodanige monster moet indien en wat versoek om dit self te doen, indien daar redelike gronde is om—

(a) te vermoed dat die persoon of een of meer van die persone in daardie groep 'n misdryf in Bylae 8 bedoel, gepleeg het; en

(b) te glo dat die wangholtemonster of die resultate van die forensiese DNS-ontleding daarvan in die ondersoek van waarde sal wees deur een of meer van daardie persone as moontlike plegers van die misdryf uit te skakel of in te sluit.

(2) Indien 'n persoon nie toestem tot die neem van 'n wangholtemonster kragtens hierdie artikel nie, kan 'n regter of landdros 'n lasbrief uitreik indien dit uit skriftelike inligting onder eed of bevestiging deur die gemagtigde persoon gegee, blyk dat daar redelike gronde is om te glo dat—

(a) enige persoon van wie 'n wangholtemonster vereis word 'n misdryf in Bylae 8 genoem, gepleeg het; en

(b) die monster of die resultate van 'n ondersoek daarvan, in die ondersoek van waarde sal wees deur daardie persoon as 'n moontlike pleger van die misdryf uit te skakel of in te sluit.

(3) Die bepalings van artikel 36D(4), (5)*(a)*, (6) en (7) is, met die nodige veranderinge, van toepassing op 'n monster of forensiese DNS-profiel daaraan ontleen soos in subartikel (1) beoog.''.

Wysiging van artikel 212 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 56 van 1979, artikels 46 en 47 van Wet 97 van 1986, artikel 11 van Wet 5 van 1991, artikel 40 van Wet 122 van 1991, artikel 9 van Wet 86 van 1996, artikel 6 van Wet 34 van 1998 en artikel 4 van Wet 6 van 2010

3. Artikel 212 van die Strafproseswet, 1977, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

''(6) In strafregtelike verrigtinge waarby die vind van of optrede in verband met 'n bepaalde vingerafdruk **[of]**, liggaamsafdruk, liggaamlike monster of misdaadtoneelmonster by die geskilpunt relevant is, is 'n dokument wat voorgee 'n beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy of sy in diens van die Staat is en dat hy of sy by die verrigting van sy of haar ampspligte—

(a) bedoelde vingerafdruk **[of]**, liggaamsafdruk, liggaamlike monster of misdaadtoneelmonster gevind het by of in die plek of op of in die voorwerp of in die posisie of omstandighede in die beëdigde verklaring vermeld; of

(b) met bedoelde vingerafdruk **[of]**, liggaamsafdruk, liggaamlike monster of misdaadtoneelmonster op die in die beëdigde verklaring vermelde wyse gehandel het, by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys dat bedoelde vingerafdruk **[of]**, liggaamsafdruk, liggaamlike monster of misdaadtoneelmonster aldus gevind is of, na gelang van die geval, dat daar aldus daarmee gehandel is.''; en

(b) deur paragraaf *(a)* in subartikel (8) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* In strafregtelike verrigtinge waarby die afhaal, ontvangs, bewaring, verpakking, merk, oorhandiging of versending van 'n vingerafdruk of liggaamsafdruk, kledingstuk, monster, liggaamlike monster, misdaadtoneelmonster, weefsel soos omskryf in artikel 1 van die **[Wet op Nasionale Gesondheid, 2003 (Wet No. 61 van 2003)]** Nasionale Gesondheidswet, of 'n voorwerp van watter aard ook al by die geskilpunt relevant is, is 'n dokument wat voorgee 'n

whatever nature is relevant to the issue, a document purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges—

(i) that he or she is in the service of the State or of a provincial administration, any university in the Republic or anybody designated by the Minister under subsection (4);

(ii) that he or she in the performance of his or her official duties—

(aa) received from any person, institute, state department or body specified in the affidavit, a fingerprint or body-print, article of clothing, specimen, bodily sample, crime scene sample, tissue or object described in the affidavit, which was packed or marked or, as the case may be, which he or she packed or marked in the manner described in the affidavit;

(bb) delivered or despatched to any person, institute, state department or body specified in the affidavit, a fingerprint or body-print, article of clothing, specimen, bodily sample, crime scene sample, tissue or object described in the affidavit, which was packed or marked or, as the case may be, which he or she packed or marked in the manner described in the affidavit;

(cc) during a period specified in the affidavit, had a fingerprint or body-print, article of clothing, specimen, bodily sample, crime scene sample, tissue or object described in the affidavit in his or her custody in the manner described in the affidavit, which was packed or marked in the manner described in the affidavit,

shall, upon the mere production thereof at such proceedings, be *prima facie* proof of the matter so alleged: Provided that the person who may make such affidavit in any case relating to any article of clothing, specimen, bodily sample, crime scene sample or tissue, may issue a certificate in lieu of such affidavit, in which event the provisions of this paragraph shall mutatis mutandis apply with reference to such certificate.''.

Amendment of section 225 of Act 51 of 1977, as amended by section 5 of Act 6 of 2010

4. The following section is hereby substituted for section 225 of the Criminal Procedure Act, 1977:

''**Evidence of prints, bodily samples or bodily appearance of accused**

225. (1) Whenever it is relevant at criminal proceedings to ascertain whether—

(a) any fingerprint **[or]**, body-print or bodily sample, as defined under Chapter 3, or the information derived from such prints or samples, of an accused at such proceedings corresponds to any other fingerprint **[or]**, body-print, bodily sample, crime scene sample or the information derived from such samples; or

(b) **[whether]** the body of such an accused has or had any mark, characteristic or distinguishing feature or shows or showed any condition or appearance,

beëdigde verklaring te wees deur 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer—

(i) dat hy of sy in diens is van die Staat of 'n provinsiale regering, 'n universiteit in die Republiek of 'n liggaam deur die Minister ingevolge subartikel (4) aangewys;

(ii) dat hy of sy, tydens die verrigting van sy of haar ampspligte—

(aa) van 'n in die beëdigde verklaring vermelde persoon, instituut, staatsdepartement of liggaam, 'n in die beëdigde verklaring beskrewe vingerafdruk of liggaamsafdruk, kledingstuk, monster, liggaamlike monster, misdaadtoneelmonster, weefsel of voorwerp ontvang het, wat op die wyse wat in die beëdigde verklaring beskryf word, verpak of gemerk was of, na gelang van die geval, deur hom of verpak of gemerk is;

(bb) aan 'n in die beëdigde verklaring vermelde persoon, instituut, staatsdepartement of liggaam, 'n in die beëdigde verklaring beskrewe, vingerafdruk of liggaamsafdruk, kledingstuk, monster, liggaamlike monster, misdaadtoneelmonster, weefsel of voorwerp oorhandig of versend het, wat op die wyse wat in die beëdigde verklaring beskryf word, verpak of gemerk was of, na gelang van die geval, deur hom of haar verpak of gemerk is;

(cc) gedurende 'n in die beëdigde verklaring vermelde tydperk, 'n in die beëdigde verklaring beskrewe vingerafdruk of liggaamsafdruk, kledingstuk, monster, liggaamlike monster, misdaadtoneelmonster, weefsel of voorwerp, wat op die wyse in die beëdigde verklaring beskryf, verpak of gemerk was, onder sy of haar bewaring gehad het op die wyse wat in die beëdigde verklaring beskryf word,

by blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge *prima facie*-bewys van die sake aldus beweer: Met dien verstande dat die persoon wat bedoelde beëdigde verklaring kan aflê in 'n geval betreffende 'n kledingstuk, monster, liggaamlike monster, misdaadtoneelmonster of weefsel, 'n sertifikaat in plaas van bedoelde beëdigde verklaring kan uitreik, in welke geval die bepalings van hierdie paragraaf *mutatis mutandis* met betrekking tot so 'n sertifikaat van toepassing is.''.

Wysiging van artikel 225 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 6 van 2010

4. Artikel 225 van die Strafproseswet, 1977, word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Getuienis van afdrukke, liggaamlike monsters of liggaamlike voorkoms van beskuldigde**

225. (1) Wanneer dit ook al by strafregtelike verrigtinge relevant is om te bepaal of—

(a) 'n vingerafdruk **[of]**, liggaamsafdruk of liggaamlike monster, soos kragtens Hoofstuk 3 omskryf, of die inligting wat aan sodanige afdrukke of monsters ontleen is, van 'n beskuldigde by daardie verrigtinge ooreenstem met 'n ander vingerafdruk **[of]**, liggaamsafdruk, liggaamlike monster, misdaadtoneelmonster of die inligting aan sodanige monsters ontleen; of

(b) die liggaam van so 'n beskuldigde 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of gehad het of 'n toestand of verskynsel toon of getoon het,

evidence of the fingerprints or body-prints of the accused or that the body of the accused has or had any mark, characteristic or distinguishing feature or shows or showed any condition or appearance, including evidence of the result of any blood test of the accused, shall be admissible at such proceedings.

(2) Such evidence shall not be inadmissible by reason only thereof that the fingerprint **[or]**, body-print, or bodily sample as defined in Chapter 3, in question was not taken or that the mark, characteristic, feature, condition or appearance in question was not ascertained in accordance with the provisions of sections 36A, 36B, 36C, 36D, 36E or 37, or that it was taken or ascertained against the wish or the will of the accused concerned.''.

Addition of Schedule 8 to Act 51 of 1977

5. The following Schedule is hereby inserted in Act 51 of 1977:

''Schedule 8

(Sections 36D and 36E)

Treason.
Sedition.
Public violence.
Murder.
Any offence referred to in Part I or Part II of Schedule 1 to the Implementation of the Rome Statute of the International Criminal Court Act, 2002 (Act No. 27 of 2002).
Culpable homicide.
Rape or compelled rape as contemplated in sections 3 and 4 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007, respectively.
Sexual assault, compelled sexual assault or compelled self-sexual assault as contemplated in section 5, 6 or 7 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act No. 32 of 2007), respectively.
Any sexual offence against a child or a person who is mentally disabled as contemplated in Part 2 of Chapter 3 or the whole of Chapter 4 of the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act No. 32 of 2007), respectively.
Robbery.
Kidnapping.
Childstealing.
Assault, when a dangerous wound is inflicted.
Arson.
Breaking or entering any premises, whether under the common law or a statutory provision, with intent to commit an offence.
Theft, whether under the common law or a statutory provision.
Escaping from lawful custody, where the person concerned is in such custody in respect of any offence referred to in Schedule 1, or is in such custody in respect of the offence of escaping from lawful custody.
Any—

(a) offence under the Firearms Control Act, 2000 (Act No. 60 of 2000), which is punishable with imprisonment for a period of five years or longer in terms of the said Act;
(b) offence under the Explosives Act, 2003 (Act No. 15 of 2003), which is punishable with imprisonment for a period of five years or longer in terms of the said Act;
(c) Convention offence or specified offence as defined in section 1 of the Protection of Constitutional Democracy against Terrorist and Related Activities Act, 2004 (Act No. 33 of 2004);
(d) offence of trafficking in persons as defined in section 1 of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013 (Act No. 7 of 2013); or
(e) offence of torture as defined in the Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 2013 (Act No. 13 of 2013).

Any conspiracy, incitement or attempt to commit any offence referred to in this Schedule.''.

is getuienis van die vingerafdrukke of liggaamsafdrukke van die beskuldigde of dat die liggaam van die beskuldigde 'n merk, eienskap of onderskeidende kenmerk het of gehad het of 'n toestand of verskynsel toon of getoon het, met inbegrip van getuienis oor die uitslag van 'n bloedtoets van die beskuldigde, by bedoelde verrigtinge toelaatbaar.

(2) Bedoelde getuienis is nie ontoelaatbaar slegs uit hoofde daarvan dat die betrokke vingerafdruk **[of]**, liggaamsafdruk, of liggaamlike monster soos in Hoofstuk 3 omskryf, nie geneem is of dat die betrokke merk, eienskap, kenmerk, toestand of verskynsel nie bepaal is ooreenkomstig die bepalings van artikels 36A, 36B, 36C, 36D, 36E of 37 nie, of dat dit geneem of bepaal is teen die sin of die wil van die betrokke beskuldigde nie.''.

Byvoeging van Bylae 8 tot Wet 51 van 1977

5. Die volgende Bylae word hierby in Wet 51 van 1977 ingevoeg:

''**Bylae 8**

(Artikels 36D en 36E)

Hoogverraad.

Sedisie.

Openbare geweld.

Moord.

Enige misdryf bedoel in Deel I of Deel II van Bylae 1 tot die Wet op die Implementering van die Statuut van Rome oor die Internasionale Strafhof, 2002 (Wet No. 27 van 2002).

Strafbare manslag.

Verkragting of gedwonge verkragting soos onderskeidelik beoog in artikels 3 en 4 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007.

Seksuele aanranding, gedwonge seksuele aanranding en gedwonge self-seksuele aanranding soos onderskeidelik beoog in artikel 5, 6 of 7 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007.

Enige seksuele misdryf teen 'n kind of 'n persoon met 'n verstandelike gestremdheid soos onderskeidelik beoog in Deel 2 van Hoofstuk 3 of die hele Hoofstuk 4 van die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007.

Roof.

Menseroof.

Kinderdiefstal.

Aanranding, wanneer 'n gevaarlike wond toegedien word.

Brandstigting.

Inbraak by of betreding van 'n perseel, hetsy ingevolge die gemenereg of 'n statutêre bepaling.

Diefstal, hetsy kragtens die gemenereg of 'n statutêre bepaling.

Ontsnapping uit regmatige aanhouding, waar die betrokke persoon in sodanige aanhouding is ten opsigte van enige misdryf in Bylae 1 bedoel, of in die aanhouding is ten opsigte van die misdryf van ontsnapping uit regmatige aanhouding.

Enige—

(a) misdryf kragtens die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet No. 60 van 2000), wat strafbaar is met gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer ingevolge die genoemde Wet;

(b) misdryf kragtens die Wet op Springstof, 2003 (Wet No. 15 van 2003), wat strafbaar is met gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar of langer ingevolge die genoemde Wet;

(c) Konvensiemisdryf of gespesifiseerde misdryf soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite, 2004 (Wet No. 33 van 2004);

(d) misdryf van mensehandel soos omskryf in artikel 1 van die 'Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013' (Wet No. 7 van 2013); of

(e) misdryf van marteling soos omskryf in die 'Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 2013' (Wet No. 13 van 2013).

Enige sameswering, uitlokking of poging om 'n in hierdie Bylae bedoelde misdryf te pleeg.''.

Insertion of Chapter 5B in Act 68 of 1995, as amended by Act 41 of 1997, Act 47 of 1997, Act 83 of 1998, Act 40 of 2002 and Act 6 of 2010

6. The following Chapter is hereby inserted in the South African Police Service Act, 1995, after section 15D:

"**CHAPTER 5B**

ESTABLISHMENT, ADMINISTRATION AND MAINTENANCE OF NATIONAL FORENSIC DNA DATABASE OF SOUTH AFRICA

Interpretation

15E. For the purposes of this Chapter, unless the context indicates otherwise—

(a) **'authorised officer'** means the police officer commanding the Division responsible for forensic services within the Service or his or her delegate;

(b) **'authorised person'**, with reference to buccal samples, means a police official or a member of the Independent Police Investigative Directorate, referred to in the Independent Police Investigative Directorate Act, who is not the crime scene examiner of the particular case and who has successfully completed the training prescribed by the Minister of Health under the National Health Act, in respect of the taking of a buccal sample;

(c) **'Board'** means the National Forensic Oversight and Ethics Board established under section 15V;

(d) **'bodily sample'** means an intimate or buccal sample taken from a person;

(e) **'buccal sample'** means a sample of cellular material taken from the inside of a person's mouth;

(f) **'child'** means a person under the age of 18 years;

(g) **'comparative search'** means the comparing by the authorised officer of forensic DNA profiles derived from bodily samples, taken under any power conferred by Chapter 3 of the Criminal Procedure Act, against forensic DNA profiles contained in the different indices of the NFDD referred to in this Chapter;

(h) **'crime scene sample'** means physical evidence which is retrieved from the crime scene or any other place where evidence of the crime may be found, and may include physical evidence collected from the body of a person, including a sample taken from a nail or from under the nail of a person;

(i) **'Criminal Procedure Act'** means the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977);

(j) **'DNA'** means deoxyribonucleic acid which is a bio-chemical molecule found in the cells and that makes each species unique;

(k) **'Executive Director'** means the person appointed in terms of section 6 of the Independent Police Investigative Directorate Act;

(l) **'forensic DNA analysis'** means the analysis of sections of the DNA of a bodily sample or crime scene sample to determine the forensic DNA profile: Provided that it does not relate to any analysis pertaining to medical tests or for health purposes or mental characteristic of a person or to determine any physical information of the person other than the sex of that person;

(m) **'forensic DNA profile'** means the results obtained from forensic DNA analysis on bodily samples taken from a person or a crime scene, providing a unique string of alpha numeric characters to provide identity reference: Provided that it does not contain any information on the health or medical condition or any information on the predisposition or physical information of that person other than the sex of that person;

(n) **'Independent Police Investigative Directorate Act'** means the Independent Police Investigative Directorate Act, 2011 (Act No. 1 of 2011);

Invoeging van Hoofstuk 5B in Wet 68 van 1995, soos gewysig deur Wet 41 van 1997, Wet 47 van 1997, Wet 83 van 1998, Wet 40 van 2002 en Wet 6 van 2010

6. Die volgende Hoofstuk word hierby na artikel 15D in die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens ingevoeg:

"**HOOFSTUK 5B**

INSTELLING, ADMINISTRASIE EN ONDERHOUD VAN NASIONALE FORENSIESE DNS-DATABASIS VAN SUID-AFRIKA

Uitleg

15E. By die toepassing van hierdie Hoofstuk, tensy die samehang anders aandui, beteken—

(a) **'DNS'** deoksiribonukleïensuur wat 'n biochemiese molekule is wat in die selle voorkom en wat elke spesie uniek maak;

(b) **'forensiese DNS-ontleding'** die ontleding van dele van die DNS van 'n liggaamlike monster of misdaadtoneelmonster om die forensiese DNS-profiel te bepaal: Met dien verstande dat dit nie verband hou met enige ontleding betreffende mediese toetse of vir gesondheids-doeleindes of verstandelike karaktertrekke van 'n persoon of om enige fisieke inligting van die persoon, buiten die geslag van daardie persoon, vas te stel nie;

(c) **'forensiese DNS-profiel'** die resultate ontleen aan die forensiese DNS-ontleding van liggaamlike monsters wat van 'n persoon of van 'n misdaadtoneel geneem is, wat 'n unieke string alfanumeriese karakters daarstel vir identiteitsverwysing: Met dien verstande dat dit geen inligting bevat nie oor die gesondheid of mediese toestand of verstandelike karaktertrekke van 'n persoon of die voorbeskiktheid of fisieke inligting van die persoon, behalwe die geslag van daardie persoon;

(d) **'gemagtigde beampte'** die polisiebeampte in bevel van die afdeling verantwoordelik vir forensiese dienste in die Diens, of sy of haar gedelegeerde;

(e) **'gemagtigde persoon'**, met verwysing na wangholtemonsters, enige polisiebeampte of lid van die Onafhanklike Polisie-ondersoek-direktoraat, bedoel in die OPOD-wet, wat nie die misdaadtoneel-ondersoeker in die betrokke saak is nie, maar wat die opleiding voorgeskryf deur die Minister van Gesondheid kragtens die Nasionale Gesondheidswet, ten opsigte van die neem van 'n wangholtemonster, suksesvol deurloop het;

(f) **'intieme monster'** 'n monster van bloed of skaamhare of 'n monster geneem van die gebied van die geslagsdele of anale opening van die liggaam van 'n persoon, buiten 'n wangholtemonster;

(g) **'kind'** 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar;

(h) **'liggaamlike monster'** 'n intieme of wangholtemonster wat van 'n persoon geneem is;

(i) **'misdaadtoneelmonster'** fisieke getuienis wat op die misdaadtoneel of enige ander plek waar bewyse van die misdaad gevind kan word, herwin word, en kan ook fisieke getuienis insluit wat van die liggaam van 'n persoon ingesamel is, met inbegrip van 'n monster wat van 'n nael of van onder die nael van 'n persoon geneem is;

(j) **'Nasionale Gesondheidswet'** die 'National Health Act, 2003 (Wet No. 61 van 2003);

(k) **'NFDD'** die Nasionale Forensiese DNS-databasis van Suid-Afrika, ingestel ingevolge artikel 15G;

(l) **'OPOD-wet'** die 'Independent Police Investigative Directorate Act, 2011' (Wet No. 1 van 2011);

(m) **'Raad'** die Nasionale Raad oor Forensiese Oorsig en Etiek kragtens artikel 15V ingestel;

(n) **'Strafproseswet'** die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977);

(o) **'intimate sample'** means a sample of blood or pubic hair or a sample taken from the genitals or anal orifice area of the body of a person, excluding a buccal sample;

(p) **'National Health Act'** means the National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003); and

(q) **'NFDD'** means the National Forensic DNA Database of South Africa, established in terms of section 15G.

Objective of Chapter

15F. The objective of this Chapter is to establish and maintain a national forensic DNA database in order to perform comparative searches for the following purposes:

(a) To serve as a criminal investigative tool in the fight against crime;

(b) to identify persons who might have been involved in the commission of offences, including those committed before the coming into operation of this Chapter;

(c) to prove the innocence or guilt of an accused person in the defence or prosecution of that person;

(d) to exonerate a person convicted of an offence; or

(e) to assist with the identification of missing persons or unidentified human remains.

Establishment of national forensic DNA database

15G. (1) A national forensic DNA database within the Service, to be known as the National Forensic DNA Database of South Africa (NFDD), is hereby established.

(2) The authorised officer, as the custodian of the NFDD, must ensure that the—

(a) analysis, custody and disposal of DNA samples at a forensic DNA analysis laboratory; and

(b) administration and maintenance of the NFDD,

are managed independently of each other.

(3) The NFDD must consist of the following indices which contain forensic DNA profiles:

(a) A Crime Scene Index;

(b) an Arrestee Index;

(c) a Convicted Offender Index;

(d) an Investigative Index;

(e) an Elimination Index; and

(f) a Missing Persons and Unidentified Human Remains Index.

(4) Sub-indices for children must be created under the relevant indices referred to in subsection (3).

(5) The indices must not contain the following information:

(a) The appearance of the person, other than indicating the sex of that person;

(b) medical information of the person;

(c) historical information relating to the person; and

(d) behavioural information of the person.

(6) Nothing in this Chapter affects the use and storage of such forensic DNA profiles derived from samples taken in accordance with this Act for—

(a) comparative searches against forensic DNA profiles derived prior to the coming into operation of this Chapter; and

(b) the use of the results of the comparative searches as evidence in a court of law.

(o) **'Uitvoerende Direkteur'** die persoon ingevolge artikel 6 van die OPOD-wet aangestel;

(p) **'vergelykende soektog'** die vergelyking deur die gemagtigde beampte van forensiese DNS-profiele ontleen aan liggaamlike monsters, geneem kragtens enige bevoegdheid deur Hoofstuk 3 van die Strafproseswet verleen, teen forensiese DNS-profiele vervat in die verskillende indekse van die NFDD in hierdie Hoofstuk bedoel; en

(q) **'wangholtemonster'** 'n monster van sellulêre materiaal wat van die binnekant van 'n persoon se mond geneem is.

Oogmerk van Hoofstuk

15F. Die oogmerk van hierdie Hoofstuk is om 'n nasionale forensiese DNS-databasis in te stel en in stand te hou ten einde vergelykende soektogte vir die volgende doeleindes te doen:

(a) Te dien as 'n strafregtelike ondersoekhulpmiddel in die stryd teen misdaad;

(b) om persone te identifiseer wat moontlik in die pleging van misdade betrokke was, met inbegrip van misdade wat gepleeg is voor hierdie Hoofstuk in werking getree het;

(c) om die onskuld of skuld van 'n beskuldigde persoon in die verweer of vervolging van daardie persoon te bewys; of

(d) om 'n persoon wat aan 'n misdryf skuldig bevind is te verontskuldig; of

(e) om te help met die identifikasie van vermiste persone of ongeïdentifiseerde menslike oorskot.

Instelling van nasionale forensiese DNS-databasis

15G. (1) 'n Nasionale forensiese DNS-databasis in die Diens, wat as die Nasionale Forensiese DNS-databasis van Suid-Afrika (NFDD) bekend sal staan, word hierby ingestel.

(2) Die gemagtigde beampte, as die opsigter van die NFDD, moet verseker dat die—

(a) ontleding, bewaring van en beskikking oor DNS-monsters by 'n forensiese DNS-ontledingslaboratorium; en

(b) administrasie en instandhouding van die NFDD,

onafhanklik van mekaar bestuur word.

(3) Die NFDD moet uit die volgende indekse bestaan wat forensiese DNS-profiele bevat:

(a) 'n Misdaadtoneelindeks;

(b) 'n Indeks van Gearresteerdes;

(c) 'n Indeks van Veroordeelde Oortreders;

(d) 'n Ondersoekindeks;

(e) 'n Uitskakelingsindeks; en

(f) 'n Indeks van Vermiste Persone en Ongeïdentifiseerde Menslike Oorskot.

(4) Subindekse vir kinders moet onder die tersaaklike indekse in subartikel (3) bedoel, geskep word.

(5) Die indekse mag nie die volgende inligting bevat nie:

(a) Die persoon se voorkoms, behalwe om die geslag van daardie persoon aan te dui;

(b) die persoon se mediese inligting;

(c) historiese inligting rakende die persoon; en

(d) inligting oor die persoon se gedrag.

(6) Niks in hierdie Hoofstuk raak die gebruik en stoor van sodanige DNS-profiele wat ontleen is aan monsters wat ooreenkomstig hierdie Wet geneem is vir—

(a) vergelykende soektogte teen forensiese DNS-profiele ontleen voor hierdie Hoofstuk in werking getree het; en

(b) die gebruik van die resultate van die vergelykende soektogte as getuienis in 'n geregshof.

Crime Scene Index

15H. (1) The Crime Scene Index must contain the relevant forensic DNA profiles derived by means of forensic DNA analysis, from samples that are found and collected, including at a crime scene—

(a) at any place where an offence was or is reasonably suspected of having been committed;

(b) on or in the body of the victim or suspect which may be used to identify DNA left by that person who was in contact with that person during the commission of the offence; or

(c) on anything worn or carried by the victim or suspect at the time when an offence was, or is reasonably suspected of having been committed.

(2) The authorised officer must ensure the safe and secure storage of crime scene samples, which samples must be kept indefinitely.

Arrestee Index

15I. (1) The Arrestee Index must contain forensic DNA profiles, derived by means of forensic DNA analysis, from a bodily sample taken under any power conferred by Chapter 3 of the Criminal Procedure Act where an arrestee's forensic DNA profile does not form part of any other Index.

(2) The forensic DNA profile in the Arrestee Index must be removed by the authorised officer immediately upon application, in the prescribed manner, when a—

(a) child is diverted in accordance with Chapter 8 of the Child Justice Act, 2008 (Act No. 75 of 2008);

(b) decision was made not to prosecute a person;

(c) person is discharged at a preparatory examination; or

(d) person is acquitted at his or her trial:

Provided that there is no other outstanding criminal investigation against the person.

(3) The application referred to in subsection (2) must be submitted to the authorised officer and a copy thereof provided to the Board.

(4) If no application for removal of a forensic DNA profile, contemplated in subsection (2) is received, the profile of the relevant person must be removed immediately after the authorised officer has been notified in accordance with subsection (5) or (6), but may not be retained for longer than—

(a) three years, in the case of an adult; or

(b) twelve months, in the case of a child.

(5) The Clerk of the Court or Registrar of the High Court must notify the authorised officer of an acquittal, conviction, setting aside or finding of a preliminary investigation within 60 days from the date of the verdict or outcome of the matter.

(6) In respect of a decision not to prosecute or the diversion of a child in accordance with Chapter 8 of the Child Justice Act, the prosecutor who made the decision must notify the authorised officer within 60 days from the date of the decision.

(7) If an application contemplated in subsection (2) is received by the authorised officer before a notification referred to in subsection (5) or (6) has been received, the authorised officer must enquire from the relevant authority in that regard.

(8) The authorised officer must notify the relevant person referred to in subsection (2) of the removal of his or her forensic DNA profile from the Arrestee Index.

(9) The authorised officer must inform the Board quarterly of any removal of a forensic DNA profile from the Arrestee Index in terms of subsections (2) and (4).

Misdaadtoneelindeks

15H. Die Misdaadtoneelindeks moet die tersaaklike forensiese DNS-profiele bevat, by wyse van DNS-ontleding ontleen aan liggaamlike monsters wat gevind en versamel is, met inbegrip van op 'n misdaadtoneel—

(a) op enige plek waar 'n misdryf gepleeg is, of waar redelikerwys vermoed word 'n misdryf gepleeg is;

(b) op of in die liggaam van die slagoffer of verdagte wat gebruik kan word om die DNS te identifiseer wat agtergelaat is deur die persoon wat tydens die pleging van die misdryf in kontak met die ander persoon was; of

(c) op enigiets wat die slagoffer of verdagte aangehad of gedra het tydens die pleging van die misdaad of die misdaad wat redelikerwys vermoed word gepleeg is.

(2) Die gemagtigde beampte moet die veilige en beveiligde stoor van misdaadtoneelmonsters verseker, welke monsters onbepaald gehou moet word.

Indeks van Gearresteerdes

15I. (1) Die Indeks van Gearresteerdes moet forensiese DNS-profiele bevat, by wyse van DNS-ontleding ontleen aan 'n liggaamlike monster kragtens enige bevoegdheid verleen deur Hoofstuk 3 van die Strafproseswet, geneem waar 'n gearresteerde se DNS-profiel nie deel van enige ander Indeks uitmaak nie.

(2) Wanneer 'n—

(a) kind ooreenkomstig Hoofstuk 8 van die 'Child Justice Act, 2008' (Wet No. 75 van 2008), afgewend word;

(b) besluit geneem is om 'n persoon nie te vervolg nie;

(c) persoon by 'n voorbereidingsondersoek ontslaan word; of

(d) persoon tydens sy of haar verhoor onthef word,

moet die gemagtigde beampte by aansoek, op die voorgeskrewe wyse, die forensiese DNS-profiel onmiddellik uit die Indeks van Gearresteerdes verwyder: Met dien verstande dat daar geen ander uitstaande strafregtelike ondersoek teen die persoon is nie.

(3) Die aansoek in subartikel (2) bedoel moet aan die gemagtigde beampte voorgelê word en 'n afskrif daarvan moet aan die Raad voorsien word.

(4) Indien geen in subartikel (2) beoogde aansoek om die verwydering van 'n forensiese DNS-profiel ontvang word nie, moet die profiel van die tersaaklike persoon onmiddellik verwyder word nadat die gemagtigde beampte ooreenkomstig subartikel (5) of (6) verwittig is, maar mag nie behou word nie vir langer as—

(a) drie jaar, in die geval van 'n volwassene; of

(b) twaalf maande, in die geval van 'n kind.

(5) Die Klerk van die Hof of die Griffier van die Hooggeregshof moet die gemagtigde beampte verwittig van 'n vryspraak, skuldigbevinding, tersydestelling of bevinding van 'n voorlopige ondersoek binne 60 dae na die datum van die uitspraak of die uitslag van die saak.

(6) Ten opsigte van 'n besluit om nie 'n vervolging in te stel nie of om 'n kind ooreenkomstig Hoofstuk 8 van die 'Child Justice Act, 2008' af te wend, moet die staatsaanklaer wat die besluit geneem het die gemagtigde beampte binne 60 dae vanaf die datum van die besluit, in kennis stel.

(7) Indien die gemagtigde beampte 'n aansoek beoog in subartikel (2) ontvang voordat 'n kennisgewing in subartikel (5) of (6) bedoel ontvang is, moet die gemagtigde beampte by die tersaaklike owerheid daaroor navraag doen.

(8) Die gemagtigde beampte moet die tersaaklike persoon in subartikel (2) bedoel in kennis stel van die verwydering van sy of haar forensiese DNS-profiel uit die Indeks van Gearresteerdes.

(9) Die gemagtigde beampte moet die Raad kwartaalliks inlig van enige verwydering ingevolge subartikels (2) en (4) van 'n forensiese DNS-profiel uit die Indeks van Gearresteerdes.

Convicted Offender Index

15J. (1) The Convicted Offender Index must contain forensic DNA profiles, derived by means of forensic DNA analysis, from a bodily sample—

(a) that was entered into the Arrestee Index, but an arrestee has subsequent to the entering of his or her forensic DNA profile on the Arrestee Index been convicted of an offence; or

(b) that was taken from a person convicted of an offence either before or after the coming into operation of this Chapter.

(2) Upon the conviction of a child, the child's forensic DNA profile must be retained on a database referred to in this Chapter, subject to the provisions relating to expungement of a conviction or sentence of a child as provided for in section 87 of the Child Justice Act, 2008 (Act No. 75 of 2008).

(3) The forensic DNA profile in the Convicted Offender Index must be removed by the authorised officer immediately upon application in the prescribed manner when—

(a) a person's conviction is set aside on appeal or review; or

(b) the relevant notice in terms of section 15I(5) has been received:

Provided that section 15I(4), (7), (8) and (9) are applicable with the necessary changes to the removal of forensic DNA profiles from the Convicted Offender Index.

(4) The forensic DNA profile of a convicted offender who has been pardoned in terms of section 84(2)(j) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, or whose criminal record has been expunged in terms of sections 271B to 271D of the Criminal Procedure Act, must be removed by the authorised officer from the Convicted Offender Index within three years of being notified of the pardon or expungement by the Director-General: Justice and Constitutional Development.

(5) In the case of a child, the forensic DNA profile on the Convicted Offender Index must be removed within 12 months if no application for expungement referred to in subsection (2), or pardon, referred to in subsection (3) has been received from or on behalf of such child.

(6) Subject to subsections (2), (3), (4) and (5) the forensic DNA profiles in the Convicted Offender Index must be stored on the NFDD and be retained indefinitely.

Investigative Index

15K. (1) *(a)* An Investigative Index must contain forensic DNA profiles, derived by means of forensic DNA analysis from a bodily sample taken from a person with his or her informed consent or authorised in accordance with section 36E(2) of the Criminal Procedure Act.

(b) If the person referred to in paragraph *(a)* is a child, the sample may be taken with the informed consent of the child's parent or guardian.

(2) For the purposes of this section, 'informed consent' means that the person consents, in writing, to the taking of a buccal sample, after a police official has informed him or her—

(a) of the manner in which the buccal sample will be taken;

(b) that he or she is under no obligation to give a buccal sample;

(c) that the sample or the forensic DNA profile derived from it may produce evidence that might be used in a court of law;

(d) that the buccal sample taken under this section, and the forensic DNA profile derived from it, may only be used for purposes referred to in section 15F; and

Indeks van Veroordeelde Oortreders

15J. (1) Die Indeks van Veroordeelde Oortreders moet forensiese DNS-profiele bevat, by wyse van DNS-ontleding aan 'n liggaamlike monster ontleen—

(a) wat op die Indeks van Gearresteerdes geplaas is, maar die betrokke gearresteerde is aan 'n misdryf skuldig bevind nadat sy of haar forensiese DNS-profiel in die Indeks van Gearresteerdes opgeneem is; of

(b) wat van 'n persoon geneem is wat aan 'n misdryf skuldig bevind is, hetsy voor of nadat hierdie Hoofstuk in werking getree het.

(2) By die skuldigbevinding van 'n kind, moet die kind se forensiese DNS-profiel op 'n databasis in hierdie Hoofstuk bedoel behou word, behoudens die bepalings in verband met die skrapping van 'n skuldigbevinding of vonnis van 'n kind, soos in artikel 87 van die 'Child Justice Act, 2008' (Wet No. 75 van 2008), beoog.

(3) Die gemagtigde beampte moet die forensiese DNS-profiel in die Indeks van Veroordeelde Oortreders by ontvangs van 'n aansoek op die voorgeskrewe wyse onmiddellik verwyder wanneer—

(a) 'n persoon se skuldigbevinding by appèl of hersiening ter syde gestel word; of

(b) die tersaaklike kennisgewing ingevolge artikel 15I(5) ontvang is:

Met dien verstande dat artikel 15I(4), (7), (8) en (9) met die nodige veranderinge van toepassing is op die verwydering van forensiese DNS-profiele van die Indeks van Veroordeelde Oortreders.

(4) Die forensiese DNS-profiel van 'n veroordeelde oortreder wat ingevolge artikel 84(2)(j) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, kwytgeskeld is of wie se kriminele rekord ingevolge artikels 271B tot 271D van die Strafproseswet geskrap is, moet deur die gemagtigde beampte van die Indeks van Veroordeelde Oortreders verwyder word binne drie jaar nadat kennis ontvang is van die kwytskelding of skrapping deur die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling.

(5) In die geval van 'n kind moet die forensiese DNS-profiel op die Indeks van Veroordeelde Oortreders binne 12 maande verwyder word indien geen aansoek om die skrapping in subartikel (2) bedoel, of kwytskelding in subartikel (3) bedoel, van of namens die kind ontvang is nie.

(6) Behoudens subartikels (2), (3), (4) en (5) moet die forensiese DNS-profiele in die Indeks van Veroordeelde Oortreders op die NFDD gestoor en onbepaald behou word.

Ondersoekindeks

15K. (1) *(a)* 'n Ondersoekindeks moet forensiese DNS-profiele bevat wat ontleen is aan DNS-ontleding van 'n liggaamlike monster wat met 'n persoon se ingeligte toestemming van hom of haar geneem is, of met magtiging ooreenkomstig artikel 36E(2) van die Strafproseswet van die persoon geneem is.

(b) Indien die persoon in paragraaf *(b)* bedoel 'n kind is, kan die monster met die ingeligte toestemming van die kind se ouer of voog geneem word.

(2) By die toepassing van hierdie artikel beteken 'ingeligte toestemming' dat die persoon skriftelik toestem tot die neem van 'n wangholtemonster, nadat 'n polisiebeampte hom of haar verwittig het—

(a) van die wyse waarop die wangholtemonster geneem gaan word;

(b) dat hy of sy onder geen verpligting is om 'n wangholtemonster te gee nie;

(c) dat die monster of die forensiese DNS-profiel wat daaraan ontleen is bewyse kan lewer wat in 'n geregshof gebruik kan word;

(d) dat die wangholtemonster wat kragtens hierdie artikel geneem is, en die forensiese DNS-profiel wat daaraan ontleen is, slegs vir doeleindes bedoel in artikel 15F gebruik kan word; en

(e) that any profile derived from a sample taken under this section will be removed and that the person will be notified within three months after the authorised officer is notified that the case is finalised.

(3) A profile in the Investigative Index must—

(a) be stored on the NFDD; and

(b) be removed within three months after the authorised officer is notified that the case is finalised and the relevant person must be notified, within the same period of such removal.

Elimination Index

15L. (1) The Elimination Index must contain forensic DNA profiles, derived by means of forensic DNA analysis, from a buccal sample taken from—

(a) a police official, or any other person, who as part of his or her official duties attends or processes a crime scene;

(b) a police official or any other person, who may be handling or processing or examining crime scene samples or bodily samples under this Chapter;

(c) any person directly involved in the servicing or calibration of equipment or in laboratories used in the forensic DNA analysis process;

(d) any person who enters an examination area in a forensic DNA laboratory, or processes, handles or examines crime scene samples or bodily samples, under this Chapter; and

(e) where possible, any person directly involved in the manufacturing of consumables, equipment, utensils or reagents.

(2) From the commencement of this Chapter, all new recruits to the Service must be required to submit a buccal sample for purposes of forensic DNA profiles derived therefrom to be included in the Elimination Index.

(3) The forensic DNA profiles in the Elimination Index must be stored on the NFDD and be retained, unless the profile has been migrated to another Index or is no longer required.

(4) A person referred to in subsection (1) may apply, in the prescribed manner, to have his or her profile removed from the Elimination Index when it is no longer required.

(5) Nothing in this section prohibits the forensic DNA profile derived from a sample taken from any person mentioned in subsection (1) or (2) to be subjected to a comparative search for purposes referred to in section 15F.

Missing Persons and Unidentified Human Remains Index

15M. (1) The Missing Persons and Unidentified Human Remains Index must contain forensic DNA profiles, derived by means of forensic DNA analysis, from—

(a) any bodily sample of a missing or unidentified person; or

(b) any bodily sample or crime scene sample taken from unidentified human remains.

(2) Familial searches may be conducted in respect of forensic DNA profiles referred to in subsection (1).

(3) Forensic DNA profiles referred to in subsection (1) must be stored until the purpose for which they have been stored have been achieved, and must then be removed.

(4) A request to conduct a familial search must be submitted to the authorised officer and a copy thereof provided to the Board.

(5) The Board must be notified of any request for the use of familial searches and the outcome thereof.

(e) dat enige profiel ontleen aan 'n monster kragtens hierdie artikel geneem, verwyder sal word en dat die persoon in kennis gestel sal word binne drie maande nadat die gemagtigde beampte verwittig is dat die saak afgehandel is.

(3) 'n Profiel in die Ondersoekindeks moet—

(a) op die NFDD gestoor word; en

(b) verwyder word binne drie maande nadat die gemagtigde beampte verwittig is dat die saak afgehandel is, en die tersaaklike persoon moet binne dieselfde tydperk van sodanige verwydering verwittig word.

Uitskakelingsindeks

15L. (1) Die Uitskakelingsindeks moet forensiese DNS-profiele bevat by wyse van forensiese DNS-ontleding ontleen van 'n wangholtemonster van—

(a) 'n polisiebeampte, of enige ander persoon, wat as deel van sy of haar amptelike pligte 'n misdaadtoneel bywoon of verwerk;

(b) 'n polisiebeampte of enige ander persoon, wat besig mag wees om misdaadtoneelmonsters of liggaamlike monsters kragtens hierdie Hoofstuk te hanteer, verwerk of ondersoek;

(c) 'n persoon wat direk betrokke is by die diens of kalibrasie van toerusting of in laboratoriums wat in die forensiese DNS-ontledingproses gebruik word;

(d) 'n persoon wat 'n ondersoekgebied in 'n forensiese DNS-laboratorium betree, of misdaadtoneel- of liggaamlike monsters kragtens hierdie Hoofstuk verwerk, hanteer of ondersoek; en

(e) waar moontlik, enige persoon direk betrokke by die vervaardiging van verbruikersgoedere, toerusting, gereedskap of reagense.

(2) Vanaf die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk, moet alle nuwe rekrute tot die Diens wangholtemonsters inhandig sodat forensiese DNS-profiele wat daaraan ontleen is, in die Uitskakelingsindeks ingesluit kan word.

(3) Die forensiese DNS-profiele in die Uitskakelingsindeks moet op die NFDD gestoor word en behou word, tensy die profiel na 'n ander Indeks gemigreer is of nie meer benodig word nie.

(4) 'n Persoon in subartikel (1) bedoel kan, op die voorgeskrewe wyse, aansoek doen om sy of haar profiel van die Uitskakelingsindeks te laat verwyder wanneer dit nie meer benodig word nie.

(5) Niks in hierdie artikel belet dat die forensiese DNS-profiel ontleen aan 'n monster geneem van enige persoon in subartikel (1) of (2) genoem, aan 'n vergelykende soektog vir doeleindes in artikel 15F bedoel, onderwerp kan word nie.

Indeks van Vermiste Persone en Ongeïdentifiseerde Menslike Oorskot

15M. (1) Die Indeks van Vermiste Persone en Ongeïdentifiseerde Menslike Oorskot moet DNS-profiele bevat wat by wyse van forensiese DNS-ontleding ontleen is aan—

(a) enige liggaamlike monster van 'n vermiste of ongeïdentifiseerde persoon; of

(b) enige liggaamlike monster of misdaadtoneelmonster wat van ongeïdentifiseerde menslike oorskot geneem is.

(2) Familieverwantskapsoektogte kan ten opsigte van forensiese DNS-profiele in subartikel (1) genoem, gedoen word.

(3) Forensiese DNS-profiele in subartikel (1) bedoel moet gestoor word totdat die doel waarvoor dit gestoor is, bereik is en moet dan verwyder word.

(4) 'n Versoek om 'n familieverwantskapsoektog te doen, moet aan die gemagtigde beampte voorgelê word en 'n afskrif daarvan moet aan die Raad voorsien word.

(5) Die Raad moet in kennis gestel word van enige versoek om familieverwantskapsoektogte te doen en die resultaat daarvan.

(6) The Minister must ensure that a policy relating to familial searches is developed.

(7) *(a)* For the purposes of this section, **'familial searches'** means a technique whereby a forensic DNA profile derived from a sample—

(i) of a missing person; or

(ii) obtained from a family member of a missing person,

is deliberately searched against the Missing Persons and Unidentified Human Remains Index and the Crime Scene Index of the NFDD to obtain a list of forensic DNA profiles that are almost similar to the forensic DNA profile derived from a sample referred to in subparagraph (i) or (ii).

(b) The Service may use the results of the familial searches referred to in paragraph *(a)* as an investigative lead, by a specially trained police official, to—

(i) interview family members of the near matches; or

(ii) identify unidentified human remains.

(c) The results of familial searches must be dealt with in a sensitive manner.

Comparative forensic DNA search and communication of information

15N. (1) The authorised officer must perform comparative searches on forensic DNA profiles that are entered onto the NFDD for the purposes referred to in section 15F, and communicate the outcome of the comparative search as contemplated in subsection (2).

(2) No person may disclose any information which he or she had obtained in the exercise of any powers or the performance of any duties in terms of this Chapter, except—

(a) to a person who of necessity requires it for the performance of his or her functions in terms of this Chapter or any other Act or as provided for in section 15O;

(b) if he or she is a person who of necessity supplies it in the performance of his or her functions in terms of this Act or any other Act;

(c) in respect of information which is required in terms of any law or as evidence in any court of law;

(d) to any competent authority which requires it for the institution of any criminal proceedings, including a preliminary investigation or an inquest;

(e) to an accused person, or where the person is a child to his or her parent or guardian, or his or her legal representative, for criminal defence purposes; or

(f) to a person convicted of an offence, or his or her legal representative, for exoneration purposes.

Foreign and international law enforcement agencies

15O. (1) The authorised officer may, subject to the provisions of this Act and any other applicable law, upon receipt of a forensic DNA profile from a foreign state or a recognised international law enforcement organisation, court or tribunal, compare the forensic DNA profile with any of the Indices in the NFDD, except the Investigative Index, for the purposes set out in section 15F.

(2) The authorised officer may for the purposes referred to in section 15F, communicate a forensic DNA profile contained in the Crime Scene Index and the Missing Persons and Unidentified Human Remains Index to a foreign state or a recognised international law enforcement organisation, court or tribunal.

(3) Subsections (1) and (2) may only be utilised for investigative purposes and should forensic DNA results be required for purposes of evidence in a court of law, the processes referred to in the International

(6) Die Minister moet verseker dat 'n beleid oor familieverwantskapsoektogte ontwikkel word.

(7) *(a)* By die toepassing van hierdie artikel beteken **'familieverwantskapsoektogte'** 'n tegniek waarvolgens 'n forensiese DNS-profiel wat ontleen is aan 'n monster—

(i) van 'n vermiste persoon; of

(ii) verkry van 'n familielid van 'n vermiste persoon,

doelbewus teen die Indeks van Vermiste Persone en Ongeïdentifiseerde Menslike Oorskot en die Misdaadtoneelindeks van die NFDD vergelyk word om 'n lys van forensiese DNS-profiele op te spoor wat nagenoeg ooreenstem met die forensiese DNS-profiel ontleen aan 'n monster in subparagraaf (i) of (ii) bedoel.

(b) Die Diens kan die resultate van die familieverwantskapsoektogte in paragraaf *(a)* as 'n leidraad gebruik in 'n ondersoek deur 'n spesifiek opgeleide polisiebeampte om—

(i) onderhoude te voer met familielede wie se profiele feitlik ooreenstem; of

(ii) ongeïdentifiseerde menslike oorskot te identifiseer.

(c) Die resultate van familieverwantskapsoektogte moet op 'n sensitiewe wyse hanteer word.

Vergelykende forensiese DNS-soektog en kommunikasie

15N. (1) Die gemagtigde beampte moet vergelykende soektogte op forensiese DNS-profiele doen wat in die NFDD opgeneem is vir die doeleindes in artikel 15F bedoel, en die resultaat van die vergelykende soektog soos in subartikel (2) beoog, kommunikeer.

(2) Geen persoon mag enige inligting bekend maak wat hy of sy in die uitoefening van enige bevoegdhede of die verrigting van enige pligte ingevolge hierdie Hoofstuk verkry het nie, buiten—

(a) aan 'n persoon wat dit uit noodsaak nodig het vir die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Hoofstuk of enige ander Wet of soos in artikel 15O voor voorsiening gemaak;

(b) indien hy of sy 'n persoon is wat dit uit noodsaak verskaf in die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie Wet of enige ander wet;

(c) ten opsigte van inligting wat ingevolge enige wet of as bewyse in enige geregshof vereis word;

(d) aan 'n bevoegde gesag wat dit nodig het vir die instelling van enige strafregtelike verrigtinge, met inbegrip van 'n voorlopige ondersoek of 'n geregtelike doodsondersoek;

(e) aan 'n beskuldigde persoon, of waar die persoon 'n kind is, aan sy of haar ouer of voog, of sy of haar regsverteenwoordiger, vir strafregtelike verweerdoeleindes; of

(f) aan 'n persoon wat aan 'n misdryf skuldig bevind is, of sy of haar regsverteenwoordiger, vir verontskuldigingsdoeleindes.

Vreemde en internasionale wetstoepassingsagentskappe

15O. (1) Die gemagtigde beampte kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet en enige ander toepaslike wetsbepaling, by ontvangs van 'n forensiese DNS-profiel van 'n vreemde staat of 'n erkende internasionale wetstoepassingsorganisasie, hof of tribunaal, die forensiese DNS-profiel vergelyk met enige van die Indekse op die NFDD, buiten die Ondersoekindeks, vir die doeleindes in artikel 15F uiteengesit.

(2) Die gemagtigde beampte kan vir doeleindes in artikel 15F bedoel, 'n forensiese DNS-profiel wat in die Misdaadtoneelindeks en die Indeks van Vermiste Persone en Ongeïdentifiseerde Menslike Oorskot vervat is, aan 'n vreemde staat of 'n erkende internasionale wetstoepassingsorganisasie, hof of tribunaal kommunikeer.

(3) Subartikels (1) en (2) kan slegs vir ondersoekdoeleindes aangewend word, en indien forensiese DNS-resultate vir getuienis in 'n geregshof benodig word, moet die prosesse bedoel in die Wet op Internasionale

Cooperation in Criminal Matters Act, 1998 (Act No. 75 of 1996), must be utilised.

(4) The communication of the outcome of the comparative search contemplated in subsection (1) or the profile contemplated in subsection (2) may only be done subject to the international obligations of the Republic.

(5) Any request in terms of this section and the outcome thereof must be reported to the Board.

Compliance with Quality Management System

15P. (1) The authorised officer must develop and recommend standards for quality management, including standards for testing the proficiency of forensic science laboratories and forensic analysts conducting forensic DNA analysis.

(2) The standards referred to in subsection (1) must—

(a) comply with the South African National Accreditation System established under section 3 of the Accreditation for Conformity Assessment, Calibration and Good Laboratory Practice Act, 2006 (Act No. 19 of 2006), and standards set by the International Organization for Standardization;

(b) specify criteria for quality management and proficiency tests applied to the various types of forensic DNA analysis; and

(c) include a system for grading proficiency testing performance to determine whether a laboratory or forensic analyst is performing acceptably.

Analysis, retention, storage, destruction and disposal of samples

15Q. (1) Bodily samples and crime scene samples received at the forensic laboratory must be analysed and loaded on the NFDD within 30 days, unless there is a compelling reason in terms of priorities why such samples cannot be analysed and loaded within that period.

(2) The authorised officer must report to the Board any compelling reason contemplated in subsection (1) when it occurs.

(3) If a sample is not analysed within the period referred to in subsection (1) such non-compliance will not have any effect on the investigation or prosecution concerned.

(4) The authorised officer must institute disciplinary action for any failure to analyse and load the samples on the NFDD within the period referred to in subsection (1) without a compelling reason.

(5) Any bodily sample taken from a person from the commencement of this Chapter and which is not a crime scene sample must be destroyed and disposed of within three months after a forensic DNA profile is obtained and loaded on the NFDD.

(6) Records of the destruction of bodily samples must be kept by the authorised officer in the prescribed manner and must be reported to the Board annually.

Infrastructure

15R. The National Commissioner or his or her delegate must acquire and maintain adequate information technology infrastructure and systems to support the efficient analysis of DNA samples, the performance of comparative searches against the NFDD and the administrative maintenance of the NFDD.

Offences and penalties

15S. (1) Any person who, with regard to any bodily sample, crime scene sample or a forensic DNA profile derived therefrom—

Samewerking in Strafregtelike Aangeleenthede, 1996 (Wet No. 75 van 1996), gebruik word.

(4) Die kommunikasie van die resultaat van die vergelykende soektog in subartikel (1) beoog of die profiel in subartikel (2) beoog, kan slegs behoudens die internasionale verpligtinge van die Republiek gedoen word.

(5) Verslag moet aan die Raad gedoen word oor enige versoek ingevolge hierdie artikel en die resultaat daarvan.

Voldoening aan gehaltebestuurstelsel

15P. (1) Die gemagtigde beampte moet standaarde ontwikkel en aanbeveel vir gehaltebestuur, met inbegrip van standaarde om die vaardigheid van forensiese wetenskaplaboratoriums en forensiese ontleders wat forensiese DNS-ontledings doen, te toets.

(2) Die standaarde in subartikel (1) bedoel moet—

(a) voldoen aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Akkreditasiestelsel ingestel kragtens artikel 3 van die 'Accreditation for Conformity Assessment, Calibration and Good Laboratory Practice Act, 2006' (Wet No. 19 van 2006), en standaarde deur die Internasionale Standardiseringsorganisasie gestel; en

(b) maatstawwe vir gehaltebestuur en vaardigheidstoetse vermeld wat vir verskeie tipes forensiese DNS-ontleding geld; en

(c) 'n stelsel insluit om prestasie in vaardigheidstoetse te gradeer om te bepaal of 'n laboratorium of forensiese ontleder se prestasie aanvaarbaar is.

Ontleding, behoud, storing, vernietiging en beskikking oor monsters

15Q. (1) Liggaamlike monsters en misdaadtoneelmonsters by die forensiese laboratorium ontvang moet binne 30 dae ontleed word en in die NFDD opgeneem word, tensy daar 'n dwingende rede ingevolge prioriteite is waarom sodanige monsters nie binne daardie tydperk ontleed en vasgelê kan word nie.

(2) Die gemagtigde beampte moet enige dwingende rede in subartikel (1) beoog by die Raad aanmeld wanneer dit opduik.

(3) Indien 'n monster nie binne die in subartikel (1) bedoelde tydperk ontleed word nie, sal sodanige nienakoming nie enige uitwerking op die betrokke ondersoek of vervolging hê nie.

(4) Die gemagtigde beampte moet dissiplinêre stappe instel vir enige versuim sonder 'n dwingende rede om monsters binne die in subartikel (1) bedoelde tydperk te ontleed en op die NFDD vas te lê.

(5) Enige liggaamlike monster wat sedert die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk van 'n persoon geneem is en wat nie 'n misdaadtoneelmonster is nie, moet binne drie maande na 'n forensiese DNS-profiel verkry en op die NFDD gelaai is, vernietig en oor beskik word.

(6) Rekords van die vernietiging van liggaamlike monsters moet op die voorgeskrewe wyse deur die gemagtigde beampte bygehou word en moet jaarliks aan die Raad gerapporteer word.

Infrastruktuur

15R. Die Nasionale Kommissaris of sy of haar gedelegeerde moet voldoende inligtingstegnologie en -stelsels verkry en in stand hou om die effektiewe ontleding van DNS-monsters, die doen van vergelykende soektogte op die NFDD en die administratiewe onderhoud van die NFDD, te ondersteun.

Misdrywe en strawwe

15S. (1) Enige persoon wat, ten opsigte van enige liggaamlike monster, misdaadtoneelmonster of 'n forensiese DNS-profiel wat daaraan ontleen is—

(a) uses or allows the use of those samples or forensic DNA profiles derived therefrom for any purpose other than those referred to in this Chapter; or
(b) tampers with or manipulates the process or the samples or forensic DNA profiles;
(c) falsely claims such samples or forensic DNA profiles derived therefrom to have been taken from a specific person whilst knowing them to have been taken from another person or source;
(d) discloses information in contravention of section 15N(2); or
(e) unlawfully loses, damages or destroys information on the NFDD,

is guilty of an offence and liable in the case of a natural person, to imprisonment for a period not exceeding 15 years, and in the case of a juristic person, to a fine.

(2) Any person who causes the unlawful loss of, damage to or unauthorised destruction of information on the NFDD is guilty of an offence and liable in the case of a natural person, to imprisonment for a period not exceeding 15 years, and in the case of a juristic person, to a fine.

Awareness and training programs

15T. (1) The Secretary of Police must ensure that guidelines relating to awareness programs contemplated in subsections (2) and (3) are developed and their implementation monitored and assessed on a regular basis.

(2) The National Commissioner and the Executive Director must develop awareness and training programs for the Service and the Independent Police Investigative Directorate respectively, on the regulations referred to in section 15AD in order to support the implementation and their application of this Chapter.

(3) The National Commissioner must develop awareness programs to make the public aware of the provisions of this Chapter and in particular their rights relating to the taking of DNA samples, the keeping and destruction of DNA samples and powers of the Board to receive and assess complaints relating to DNA.

Access to and security of NFDD

15U. (1) The National Commissioner must secure the integrity of information on the NFDD by taking appropriate, reasonable technical and organisational measures to prevent—
(a) loss of, damage to or unauthorised destruction of information on the NFDD; and
(b) unlawful access to, communication or processing of information on the NFDD.

(2) In order to give effect to subsection (1), the National Commissioner must take reasonable measures to—
(a) identify all reasonable foreseeable internal and external risks to information on the NFDD under his or her control;
(b) establish and maintain appropriate safeguards against the risks identified;
(c) regularly verify that the safeguards are effectively implemented; and
(d) ensure that the safeguards are continually updated in response to new risks or deficiencies in previously implemented safeguards.

(3) The National Commissioner must have due regard to generally accepted information security practices and procedures which may apply to the Service generally or be required in terms of specific laws and regulations relating to security of information applicable to the Service.

(a) daardie monsters of forensiese DNS-profiele wat daaraan ontleen is gebruik of laat gebruik vir enige doel anders as die doeleindes in hierdie Hoofstuk bedoel; of

(b) met die proses of die monsters of forensiese DNS-profiele peuter of dit manipuleer;

(c) valslik beweer dat sodanige monsters of forensiese DNS-profiele wat daaraan ontleen is, van 'n bepaalde persoon geneem is terwyl hy of sy weet dat dit van 'n ander persoon of bron geneem is;

(d) inligting in stryd met artikel 15N(2) openbaar maak; of

(e) inligting op die NFDD onregmatig verloor, beskadig of vernietig,

is skuldig aan 'n misdryf en in die geval van 'n natuurlike persoon, strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar, en in die geval van 'n regspersoon, met 'n boete.

(2) 'n Persoon wat onregmatige verlies van, skade aan of ongemagtigde vernietiging van inligting op die NFDD veroorsaak, is skuldig aan 'n misdryf en strafbaar, in die geval van 'n natuurlike persoon, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar, en in die geval van 'n regspersoon, met 'n boete.

Bewustheids- en opleidingsprogramme

15T. (1) Die Sekretaris van Polisie moet verseker dat riglyne met betrekking tot bewustheidsprogramme in subartikels (2) en (3) beoog ontwikkel word en dat hul inwerkingstelling op 'n gereelde basis gemoniteer en geëvalueer word.

(2) Die Nasionale Kommissaris en die Uitvoerende Direkteur moet bewustheids- en opleidingsprogramme vir die Diens en die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat onderskeidelik ontwikkel oor die regulasies in artikel 15AD bedoel ten einde die inwerkingstelling en toepassing van hierdie Hoofstuk te ondersteun.

(3) Die Nasionale Kommissaris moet bewustheidsprogramme ontwikkel om die publiek bewus te maak van die bepalings van hierdie Hoofstuk en in die besonder hul regte met betrekking tot die neem van DNS-monsters, die hou en vernietiging van DNS-monsters en bevoegdhede van die Raad om klagtes ten opsigte van DNS te ontvang en te evalueer.

Toegang tot en sekuriteit van NFDD

15U. (1) Die Nasionale Kommissaris moet die integriteit van inligting op die NFDD waarvoor in hierdie Hoofstuk voorsiening gemaak word, beveilig deur gepaste en redelike tegniese en organisatoriese stappe te doen ter voorkoming van—

(a) verlies van, skade aan of ongemagtigde vernietiging van inligting op die NFDD; en

(b) onregmatige toegang tot, oordrag of verwerking van inligting op die NFDD.

(2) Ten einde gevolg te gee aan subartikel (1), moet die Nasionale Kommissaris redelike stappe doen om—

(a) alle redelike voorsienbare interne en eksterne risiko's vir inligting op die NFDD onder sy of haar beheer te identifiseer;

(b) gepaste veiligheidsmaatreëls teen die geïdentifiseerde risiko's instel en in stand hou;

(c) gereeld verifieer dat die veiligheidsmaatreëls doeltreffend in werking gestel is; en

(d) verseker dat die veiligheidsmaatreëls voortdurend bygewerk word in reaksie op nuwe risiko's of op leemtes in veiligheidsmaatreëls wat voorheen in werking gestel is.

(3) Die Nasionale Kommissaris moet behoorlik ag slaan op algemeen aanvaarde inligtingsbeveiligingspraktyke en -prosedures wat in die algemeen vir die Diens mag geld of vereis word ingevolge bepaalde wette en regulasies van toepassing op die Diens betreffende beveiliging van inligting.

(4) The National Commissioner, after consultation with the Board, must within six months of the commencement of this Chapter develop standard operating procedures regarding—

(a) access to the NFDD; and

(b) the implementation of safety measures to protect the integrity of information contained on the NFDD.

(5) The National Commissioner must report to the National Assembly and the Board—

(a) any breach of the access and security measures referred to in this section as and when such breach occurs;

(b) any loss of, damage to or unauthorised destruction of information on the NFDD; and

(c) steps taken to address such breach and to prevent the recurrence thereof.

(6) The Secretary of Police must monitor and oversee the security measures instituted by the National Commissioner.

Establishment and composition of National Forensic Oversight and Ethics Board

15V. (1) A National Forensic Oversight and Ethics Board is hereby established.

(2) The Board must consist of not more than ten persons appointed by the Minister on a part-time basis for a period not exceeding five years of whom—

(a) five persons must be from outside the public sector with knowledge and experience in forensic science, human rights law or ethics relating to forensic science; and

(b) four persons must be from the public sector on the level of at least a Chief Director, namely—

(i) the Secretary of Police or his or her representative;

(ii) a representative of the Department of Health who has knowledge in the field of DNA;

(iii) a representative from the Department of Justice and Constitutional Development who has a sound knowledge of constitutional law; and

(iv) a representative of the Department of Correctional Services.

(3) The members of the Board, referred to in subsection (2)*(a)*, must be appointed by the Minister after inviting nominations from the public.

(4) The Minister must appoint—

(a) the chairperson of the Board who must be a retired judge or a senior advocate with knowledge and experience in the field of human rights; and

(b) a deputy chairperson from the remaining members of the Board.

(5) The Minister must report to the National Assembly on the—

(a) appointment of the Board, including the names of the members of the Board and a synopsis of their expertise and suitability to serve on the Board; and

(b) removal or resignation of members from the Board,

within 14 days of the appointment, removal or resignation, if Parliament is in session or, if Parliament is not in session, within 14 days after the commencement of its next ensuing session.

(6) The deputy chairperson must exercise all the powers and perform all the duties of the chairperson whenever the chairperson is unable to do so.

(7) The term of appointment of a member of the Board may, before the expiry thereof, be renewed for an additional term.

(8) In the case of a vacancy, the Minister must fill the vacancy within a reasonable period of time, which period must not exceed six months.

(4) Die Nasionale Kommissaris, na oorleg met die Raad, moet binne ses maande vanaf die inwerkingtreding van die hierdie Hoofstuk standaard operasionele prosedures ontwikkel betreffende—

(a) toegang tot die NFDD; en

(b) die inwerkingstelling van veiligheidsmaatreëls om die integriteit van inligting in die NFDD vervat te beskerm.

(5) Die Nasionale Kommissaris moet aan die Nasionale Vergadering en die Raad verslag doen oor—

(a) enige skending van die toegangs- en veiligheidsmaatreëls in hierdie artikel bedoel soos en wanneer sodanige skending plaasvind;

(b) enige verlies aan, skade aan of ongemagtigde vernietiging van inligting op die NFDD; en

(c) stappe gedoen om sodanige skending te hanteer en te voorkom dat dit weer gebeur.

(6) Die Sekretaris van Polisie moet die veiligheidsmaatreëls deur die Nasionale Kommissaris ingestel moniteer en daaroor toesig hou.

Instelling en samestelling van Nasionale Raad vir Forensiese Oorsig en Etiek

15V. (1) 'n Nasionale Raad vir Forensiese Oorsig en Etiek word hierby ingestel.

(2) Die Raad bestaan uit hoogstens tien persone, op 'n deeltydse grondslag deur die Minister aangestel vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, waarvan—

(a) vyf persone van buite die openbare sektor moet wees met kennis en ervaring in forensiese wetenskap, menseregtereg of etiek in verband met forensiese wetenskap; en

(b) vier persone uit die openbare sektor moet wees, op die vlak van ten minste Hoofdirekteur, naamlik—

(i) die Sekretaris van Polisie of sy of haar verteenwoordiger;

(ii) 'n verteenwoordiger van die Departement van Gesondheid wat kennis op die terrein van DNS het;

(iii) 'n verteenwoordiger van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling wat 'n goeie kennis van staatsreg het; en

(iv) 'n verteenwoordiger van die Departement van Korrektiewe Dienste.

(3) Die lede van die Raad in subartikel (2)*(a)* bedoel, word deur die Minister aangestel nadat benoemings van die publiek gevra is.

(4) Die Minister moet—

(a) die voorsitter van die Raad aanstel, wat 'n afgetrede regter of 'n senior advokaat is met kennis en ervaring op die gebied van menseregte; en

(b) 'n ondervoorsitter uit die oorblywende lede van die Raad aanstel.

(5) Die Minister moet aan die Nasionale Vergadering verslag doen oor die—

(a) aanstelling van die Raad, met inbegrip van die name van die lede van die Raad en 'n opsomming van hul ervaring en geskiktheid om in die Raad te dien; en

(b) ontheffing of bedanking van lede van die Raad,

binne 14 dae van die aanstelling, verwydering of bedanking, indien die Parlement in sessie is of, indien die Parlement nie in sessie is nie, binne 14 dae na die aanvang van die Parlement se volgende sessie.

(6) Die ondervoorsitter moet al die bevoegdhede uitoefen en al die pligte verrig van die voorsitter wanneer die voorsitter nie in staat is om dit te doen nie.

(7) Die ampstermyn van 'n lid van die Raad kan, voor die verstryking daarvan, vir 'n bykomende termyn hernu word.

(8) In die geval van 'n vakature, moet die Minister die vakature binne 'n redelike tydperk vul, welke tydperk nie ses maande mag oorskry nie.

Disqualification, removal and resignation from Board

15W. (1) A person is disqualified from being appointed or continuing to serve as a member of the Board if he or she—
(a) is not a citizen of the Republic;
(b) is an unrehabilitated insolvent;
(c) has been declared by a court to be mentally ill or unfit; or
(d) has been convicted of a criminal offence.

(2) The Minister may, after due enquiry, remove a member from the Board on account of—
(a) misconduct;
(b) incapacity;
(c) incompetence;
(d) absence from three consecutive meetings of the Board without the prior permission of the Board, except on good cause shown;
(e) ill health;
(f) conflict of interest;
(g) unethical conduct; or
(h) disqualification as contemplated in subsection (1).

(3) A member may resign by giving 30 days written notice of his or her resignation to the Minister.

(4) A member of the Board may be suspended from the Board by the Minister pending the consideration of the removal of such member from the Board.

Meetings of Board

15X. (1) The first meeting of the Board must be convened by the Minister and thereafter the meetings of the Board must be held at least quarterly.

(2) The Board may determine its own governance rules and procedures.

Funding, secretariat and remuneration of members of Board

15Y. (1) The Board must be funded from the budget allocation of the Civilian Secretariat for Police.

(2) The Minister must, in terms of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), appoint a full-time secretariat to provide administrative support to the Board.

(3) The Minister may, in consultation with the Minister of Finance, determine the remuneration or payment of expenses for members of the Board, who are not appointed in terms of the Public Service Act, 1994, or the Human Rights Commission Act, 1994 (Act No. 54 of 1994).

Functions of Board

15Z. (1) The Board must—
(a) monitor the implementation of this Chapter;
(b) make proposals to the Minister—
  (i) on the improvement of practices regarding the overall operations of the NFDD;
  (ii) the ethical, legal and social implications of the use of forensic DNA; and
  (iii) on the training and the development of criteria for the use of familial searches;
(c) provide oversight over the processes relating to—
  (i) the collection, retention, storage, destruction and disposal of DNA samples;
  (ii) the retention and removal of forensic DNA profiles, as provided for in this Act;
  (iii) familial searches;

Onbevoegdheid, ontheffing en bedanking van Raad

15W. (1) 'n Persoon is onbevoeg vir aanstelling of voortgesette diens as lid van die Raad indien hy of sy—
(a) nie 'n burger van die Republiek is nie;
(b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
(c) deur die hof verklaar is geestesongesteld of -onbevoeg te wees; of
(d) aan 'n kriminele oortreding skuldig bevind is.

(2) Die Minister kan, na deeglike ondersoek, 'n lid van die Raad onthef op grond van—
(a) wangedrag;
(b) onbekwaamheid;
(c) ongeskiktheid;
(d) afwesigheid van drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad sonder die vooraf toestemming van die Raad, buiten by die aanvoer van goeie gronde;
(e) swak gesondheid;
(f) botsing van belange;
(g) onetiese gedrag; of
(h) onbevoegdheid soos in subartikel (1) beoog.

(3) 'n Lid kan bedank deur 30 dae skriftelik aan die Minister kennis te gee van sy of haar bedanking.

(4) 'n Lid van die Raad kan deur die Minister uit die Raad geskors word hangende die oorweging van die ontheffing van sodanige lid van die Raad.

Vergaderings van Raad

15X. (1) Die eerste vergadering van die Raad moet deur die Minister belê word en daarna moet die Raad minstens kwartaalliks vergader.

(2) Die Raad kan sy eie beheerreëls en -prosedures bepaal.

Befondsing, sekretariaat en besoldiging van lede van Raad

15Y. (1) Die Raad moet uit die begrotingspos van die Burgerlike Sekretariaat vir Polisie befonds word.

(2) Die Minister moet, ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), 'n voltydse sekretariaat aanstel om administratiewe ondersteuning aan die Raad te voorsien.

(3) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, die besoldiging of betaling van uitgawes vir lede van die Raad bepaal, wat nie ingevolge die Staatsdienswet, 1994, of die Wet op die Menseregtekommissie, 1994 (Wet No. 54 van 1994), aangestel is nie.

Werksaamhede van Raad

15Z. (1) Die Raad moet—
(a) die inwerkingstelling van hierdie Hoofstuk moniteer;
(b) voorstelle aan die Minister doen—
  (i) oor die verbetering van praktyke betreffende die oorhoofse werksaamhede van die NFDD;
  (ii) die etiese, regs- en maatskaplike implikasies van die gebruik van forensiese DNS; en
  (iii) oor die opleiding en die ontwikkeling van kriteria vir die gebruik van familieverwantskapsoektogte;
(c) oorsig doen oor die prosesse wat betrekking het op—
  (i) die versameling, behoud, stoor, vernietiging van en beskikking oor DNS-monsters;
  (ii) die behoud en verwydering van forensiese DNS-profiele, soos in hierdie Wet bepaal;
  (iii) familieverwantskapsoektogte;

(iv) any breach in respect of the taking, transporting, analysis, storing, use and communication of DNA samples and forensic DNA profiles, including security breaches; and

(v) security and quality management systems.

(d) handle complaints by—

(i) receiving and assessing complaints about alleged—

(aa) violations relating to the abuse of DNA samples and forensic DNA profiles;

(bb) security breaches,

and reporting to complainants in respect thereof;

(ii) gathering such information which will assist the Board in discharging its duties and carrying out its functions under this section;

(iii) attempting to resolve complaints by means of dispute resolution mechanisms such as mediation and conciliation;

(iv) referring complaints to relevant authorities where applicable; and

(v) reporting to the Minister the outcome of every complaint;

(e) consider all reports submitted to it in terms of this Chapter; and

(f) consider any other matter related to this Chapter.

(2) The Board may gather such information which will assist it in discharging its duties and carrying out its functions under this Chapter.

(3) A copy of the report contemplated in section 15AC(5) must be submitted to the National Commissioner to follow up and address the issues contained therein.

(4) The National Commissioner must report to the Board within 90 days of receipt of the report contemplated in section 15AC(5) on the steps taken to rectify the issues contained therein.

(5) The Board may establish committees to deal with specific matters as and when required.

(6) The Board must submit a report on the execution of its functions to any authority established by law regulating the protection of personal information.

Procedure for handling of complaints

15AA. (1) The Board may, either as a result of a complaint lodged with it or of its own accord consider a complaint.

(2) The Board must refer a complaint contemplated in subsection (1) to a committee of the Board for assessment in the prescribed manner.

(3) The committee must, after its assessment of the complaint, report to the Board on the outcome of such assessment including recommendations relating thereto.

(4) In the case where a criminal act is alleged to have been committed by a person subject to an assessment, the Board must refer the matter to the relevant authorities for further action.

(5) The Board must ensure that recommendations regarding disciplinary matters are referred to—

(a) the National Commissioner;

(b) the Executive Director; or

(c) any other relevant authority.

(6) The relevant authority referred to in subsections (4) and (5) must report the outcome of such further action to the Board.

Disciplinary recommendations

15AB. (1) The National Commissioner or the Executive Director must, with regard to recommendations on disciplinary matters referred to him or her in terms of section 15AA(5)—

(a) within 30 days of receipt thereof, initiate disciplinary proceedings in terms of the recommendations made by the Board; and

(iv) enige verbreking ten opsigte van die neem, vervoer, ontleding, stoor, gebruik en kommunikasie van DNS-monsters en forensiese DNS-profiele, met inbegrip van sekuriteitskendings; en

(v) beveiligings- en gehaltebestuurstelsels;

(d) klagtes hanteer deur—

(i) klagtes te ontvang en te evalueer oor beweerde—

(aa) skendings met betrekking tot die misbruik van DNS-monsters en forensiese DNS-profiele;

(bb) veiligheidskendings,

en aan klaers en klaagsters verslag doen ten opsigte daarvan;

(ii) sodanige inligting in te samel wat die Raad sal bystaan in die nakoming van sy pligte en die verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie artikel;

(iii) te probeer om klagtes by wyse van geskilbeslegtingsmeganismes soos bemiddeling en konsiliasie op te los;

(iv) klagtes na tersaaklike owerhede te verwys, waar van toepassing; en

(v) die uitslag van elke klagte aan die Minister te rapporteer;

(e) alle verslae wat ingevolge hierdie Hoofstuk aan hom voorgelê word, oorweeg; en

(f) enige ander aangeleentheid wat met hierdie Hoofstuk in verband staan, oorweeg.

(2) Die Raad kan sodanige inligting insamel wat hom sal bystaan in die vervulling van sy pligte en verrigting van sy werksaamhede kragtens hierdie Hoofstuk.

(3) 'n Afskrif van die verslag in artikel 15AC(5) beoog moet aan die Nasionale Kommissaris voorgelê word om die kwessies wat daarin vervat is op te volg en te hanteer.

(4) Die Nasionale Kommissaris moet binne 90 dae van ontvangs van die verslag in artikel 15AC(5) beoog, aan die Raad verslag doen oor die stappe wat gedoen is om die kwessies wat daarin vervat is reg te stel.

(5) Die Raad kan komitees instel om bepaalde aangeleenthede te hanteer soos en wanneer nodig.

(6) Die Raad moet 'n verslag oor die uitvoering van sy werksaamhede voorlê aan enige owerheid wat ingevolge 'n wet wat die beskerming van persoonlike inligting reguleer, ingestel is.

Prosedure vir hantering van klagtes

15AA. (1) Die Raad kan, hetsy na aanleiding van 'n klagte wat by hom aanhangig gemaak is of uit eie beweging, 'n klagte oorweeg.

(2) Die Raad moet 'n klagte in subartikel (1) beoog na 'n komitee van die Raad verwys vir evaluering op die voorgeskrewe wyse.

(3) Die komitee moet, na sy evaluasie van die klagte, aan die Raad verslag doen oor die uitslag van sodanige evaluasie, met inbegrip van aanbevelings daaroor.

(4) In 'n geval waar 'n kriminele daad na bewering deur 'n persoon wat aan evaluasie onderwerp word gepleeg is, moet die Raad die aangeleentheid na die tersaaklike owerhede verwys vir verdere stappe.

(5) Die Raad moet verseker dat aanbevelings aangaande dissiplinêre aangeleenthede verwys word na die—

(a) Nasionale Kommissaris;

(b) Uitvoerende Direkteur; of

(c) enige ander tersaaklike owerheid.

(6) Die tersaaklike owerheid in subartikels (4) en (5) bedoel moet aan die Raad verslag doen oor die uitslag van sodanige verdere stappe.

Dissiplinêre aanbevelings

15AB. (1) Die Nasionale Kommissaris of die Uitvoerende Direkteur moet, in verband met aanbevelings oor dissiplinêre aangeleenthede wat ingevolge artikel 15AA(5) na hom of haar verwys is—

(a) binne 30 dae na ontvangs daarvan, dissiplinêre verrigtinge instel ingevolge die aanbevelings deur die Raad gedoen; en

(b) immediately on finalisation of the disciplinary matter inform the Minister in writing of the outcome thereof and provide a copy thereof to the Board.

(2) The National Commissioner or the Executive Director must finalise disciplinary proceedings relating to DNA within 60 days from the initiation thereof and must report to the Board and the Minister the reasons for not finalising the proceedings within that period.

(3) If the disciplinary proceedings are not instituted and finalised within the periods referred to in subsections (1) and (2), it would not invalidate the proceedings.

Parliamentary oversight

15AC. (1) The National Commissioner must provide, as part of the annual report of the Service to the National Assembly in terms of section 55*(d)* of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), a report—

(a) in respect of the performance of the NFDD;

(b) relating to the use of forensic DNA evidence in the investigation of crime; and

(c) relating to disciplinary proceedings concerning forensic DNA matters.

(2) The Minister must not later than five years after the commencement of this Chapter, submit a report to the National Assembly on whether any legislative amendments are required to improve the functioning of the NFDD and the use of forensic DNA evidence in the combating of crime.

(3) After the initial period of five years referred to in subsection (2), the Minister must every three years submit a report referred to in subsection (2) to the National Assembly.

(4) The Executive Director must submit a report, as part of the Independent Police Investigative Directorate's annual report, to the National Assembly in terms of section 55*(d)* of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), on the performance of the functions of the Directorate in terms of this Chapter, including disciplinary proceedings concerning forensic DNA matters.

(5) The Board must annually submit a report to the National Assembly on its functions in terms of this Chapter.

Regulations

15AD. (1) The Minister must make regulations regarding all matters which are reasonably necessary or expedient to be provided for and which must be followed by all police officials or members of the Independent Police Investigative Directorate, referred to in the Independent Police Investigative Directorate Act, in order to achieve the objects of this Chapter, including the following:

(a) The requirements for the suitability of areas to be designated in terms of section 36A(5)*(b)* of the Criminal Procedure Act;

(b) the manner in which to secure a crime scene for the purposes of collecting crime scene samples;

(c) the manner in which to safely preserve and ensure timely transfer of collected samples to the forensic science laboratories;

(d) the manner in which to request access to information stored on the NFDD;

(e) the manner in which DNA samples must be destroyed;

(f) the manner in which complaints must be lodged to, and assessed by, the Board;

(g) the application process for access to the forensic DNA profile and crime scene sample for exoneration purposes;

(b) by afhandeling van die dissiplinêre aangeleentheid die Minister onmiddellik skriftelik inlig van die uitslag daarvan en 'n afskrif daarvan aan die Raad voorsien.

(2) Die Nasionale Kommissaris of die Uitvoerende Direkteur moet dissiplinêre verrigtinge met betrekking tot DNS binne 60 dae na die instelling daarvan afhandel en moet aan die Raad en die Minister verslag doen oor die redes waarom die verrigtinge nie in daardie tydperk afgehandel is nie.

(3) Indien die dissiplinêre verrigtinge nie binne die tydperke in subartikels (1) en (2) bedoel ingestel en afgehandel word nie, sal dit nie die verrigtinge ongeldig maak nie.

Parlementêre oorsig

15AC. (1) Die Nasionale Kommissaris moet, as deel van die jaarverslag van die Diens aan die Nasionale Vergadering ingevolge artikel 55*(d)* van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), 'n verslag voorsien—

(a) ten opsigte van die prestasie van die NFDD;

(b) in verband met die gebruik van forensiese DNS-getuienis in die ondersoek van misdaad; en

(c) in verband met dissiplinêre verrigtinge aangaande forensiese DNS-aangeleenthede.

(2) Die Minister moet nie later nie as vyf jaar na die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk, 'n verslag aan die Nasionale Vergadering voorlê oor of enige wysigings aan wetgewing nodig is om die werking van die NFDD en die gebruik van forensiese DNS-getuienis in die bestryding van misdaad te verbeter.

(3) Na die aanvanklike tydperk van vyf jaar in subartikel (2) bedoel, moet die Minister elke drie jaar 'n verslag in subartikel (2) bedoel aan die Nasionale Vergadering voorlê.

(4) Die Uitvoerende Direkteur moet 'n verslag, as deel van die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat se jaarverslag, aan die Nasionale Vergadering voorlê ingevolge artikel 55*(d)* van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), oor die verrigting van die werksaamhede van die Direktoraat ingevolge hierdie Hoofstuk, met inbegrip van dissiplinêre verrigtinge aangaande forensiese DNS-aangeleenthede.

(5) Die Raad moet jaarliks 'n verslag aan die Nasionale Vergadering voorlê oor sy werksaamhede ingevolge hierdie Hoofstuk.

Regulasies

15AD. (1) Die Minister moet regulasies uitvaardig betreffende alle aangeleenthede waarvoor dit redelikerwys nodig of raadsaam is om voorsiening te maak en wat deur alle polisiebeamptes of lede van die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat, in die OPOD-wet bedoel, nagekom moet word ten einde die oogmerke van hierdie Hoofstuk te bereik, met inbegrip van die volgende:

(a) Die vereistes vir die geskiktheid van gebiede wat ingevolge artikel 36A(6)*(b)* van die Strafproseswet aangewys moet word;

(b) die wyse waarop 'n misdaadtoneel vir die doeleindes van die versameling van misdaadtoneelmonsters beveilig moet word;

(c) die wyse waarop versamelde monsters veilig gepreserveer kan word en verseker kan word dat dit betyds aan die forensiese wetenskap-laboratoriums oorgedra word;

(d) die wyse waarop versoeke om toegang tot inligting wat op die NFDD gestoor is, gedoen moet word;

(e) die wyse waarop DNS-monsters vernietig moet word;

(f) die wyse waarop klagtes by die Raad ingedien moet word en deur die Raad beoordeel moet word;

(g) die aansoekproses vir toegang tot die forensiese DNS-profiel en misdaadtoneelmonster vir verontskuldigingsdoeleindes;

(h) the process to be followed by the Minister in the appointment, suspension and removal of members of the Board;
(i) the process to be followed with regard to the destruction of DNA samples and the removal of forensic DNA profiles derived therefrom;
(j) the requirements for the taking of buccal samples in a designated area; and
(k) the development of strict protocols and training relating to familial searches.

(2) The Minister may make regulations regarding—
(a) any matter which is required or permitted by this Chapter to be prescribed; and
(b) any administrative or procedural matter necessary or expedient to give effect to the provisions of this Chapter.

(3) A regulation made under subsection (1) may prescribe a fine or a period of imprisonment for a maximum of five years for any contravention thereof or failure to comply therewith.

(4) The regulations contemplated in subsection (1) must be tabled in Parliament for notification within six months after the commencement of this Chapter.''.

Transitional arrangements

7. (1) For the purpose of this section—
"Casework Index" means the index containing the forensic DNA profiles derived from crime scene samples collected before the commencement of this Act;
"Reference Index" means the index containing the forensic DNA profiles derived from bodily samples of—
(a) a victim;
(b) a suspect;
(c) a convicted offender;
(d) a person who has consented to provide a sample;
(e) a contractor or supplier of re-agents or equipment to the forensic DNA laboratory;
(f) personnel employed at the forensic DNA laboratory; and
(g) a visitor to the forensic DNA laboratory,
taken before the commencement of this Act;
"this Act" means the Criminal Law (Forensic Procedures) Amendment Act, 2013.

(2) Comparative searches between forensic DNA profiles may be conducted using the repository categorised into a Casework Index and a Reference Index.

(3) The forensic DNA profiles which were administered and maintained before this Act came into operation, must be maintained by the authorised officer until the system solution to support the NFDD is operational, which must be within four years from the date of the coming into operation of this Act.

(4) The forensic DNA profiles contained in the Casework Index and the Reference Index must be transferred to the NFDD within three months of the system solution referred to in subsection (3) being operational.

(5) The period of four years referred to in subsection (3) may be extended by the Minister, on the request of the National Commissioner of the South African Police Service, or of his or her own accord and after approval by the National Assembly.

(6) The National Commissioner of the South African Police Service must report quarterly, in writing, to the National Assembly and the Board on the progress made in the acquisition of the system solution to support the NFDD until it is fully operational.

(7) The National Commissioner of the South African Police Service must, with the assistance of the National Commissioner of Correctional Services, from the date of commencement of this section, ensure that a buccal sample is taken within two years of any person serving a sentence of imprisonment in respect of any offence listed in Schedule 8 to the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977)—
(a) before the release of the person, if the buccal sample had not already been taken upon his or her arrest; or

(h) die proses wat die Minister moet volg in die aanstelling, skorsing en ontheffing van lede van die Raad;
(i) die proses wat gevolg moet word ten opsigte van die vernietiging van DNS-monsters en die verwydering van forensiese DNS-profiele wat daaraan ontleen is;
(j) die vereistes vir die neem van wangholtemonsters in 'n aangewese gebied; en
(k) die ontwikkeling van streng protokolle en opleiding in verband met familieverwantskapsoektogte.

(2) Die Minister kan regulasies uitvaardig aangaande—
(a) enige aangeleentheid wat deur hierdie Hoofstuk vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word; en
(b) enige administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig of raadsaam is om gevolg te gee aan die bepalings van hierdie Hoofstuk.

(3) 'n Regulasie kragtens subartikel (1) uitgereik kan 'n boete of 'n tydperk van gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar voorskryf vir enige oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen.

(4) Die regulasies in subartikel (1) beoog moet vir kennisname in die Parlement ter tafel gelê word binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Hoofstuk.".

Oorgangsbepalings

7. (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken—
" **'hierdie Wet'** die Wysigingswet op die Strafreg (Forensiese Prosedures), 2013;
'Saakwerk-indeks' die indeks wat die forensiese DNS-profiele ontleen aan misdaadtoneelmonsters wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet versamel is, bevat;
'Verwysingsindeks' die indeks met die forensiese DNS-profiele ontleen aan liggaamlike monsters van—
(a) 'n slagoffer;
(b) 'n verdagte;
(c) 'n veroordeelde oortreder;
(d) 'n persoon wat ingestem het om 'n monster te gee;
(e) 'n kontrakteur of verskaffer van reagense of toerusting aan die forensiese DNS-laboratorium;
(f) personeel in diens van die forensiese DNS-laboratorium; en
(g) 'n besoeker aan die forensiese DNS-laboratorium,
wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geneem is.

(2) Vergelykende soektogte tussen forensiese DNS-profiele kan gedoen word deur die datapoel te gebruik wat in 'n Saakwerk-indeks en 'n Verwysingsindeks gekategoriseer is.

(3) Die forensiese DNS-profiele wat geadministreer en in stand gehou is voordat hierdie Wet in werking getree het, moet deur die gemagtigde beampte in stand gehou word totdat die stelseloplossing wat die NFDD moet ondersteun operasioneel is, wat binne vier jaar vanaf die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet moet geskied.

(4) Die forensiese DNS-profiele in die Saakwerk-indeks en die Verwysingsindeks vervat moet binne drie maande na die stelseloplossing in subartikel (3) bedoel operasioneel geword het, na die NFDD oorgedra word.

(5) Die tydperk van vier jaar in subartikel (3) bedoel kan deur die Minister verleng word, op versoek van die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, of uit sy of haar eie beweging en na goedkeuring deur die Nasionale Vergadering.

(6) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet kwartaalliks skriftelik aan die Nasionale Vergadering en die Raad verslag doen oor die vordering wat in die verkryging van die stelseloplossing vir die ondersteuning van die NFDD gemaak word, totdat dit ten volle operasioneel is.

(7) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet, met die bystand van die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste, vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie artikel, verseker dat 'n wangholtemonster binne twee jaar geneem word van enige persoon wat gevangenisstraf uitdien ten opsigte van enige oortreding in Bylae 8 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), genoem—
(a) voordat die persoon vrygelaat word, indien die wangholtemonster nie reeds by sy of haar inhegtenisneming geneem is nie; of

(b) who is released before their sentence is completed either on parole or under correctional supervision by a court.

(8) The National Commissioner of Correctional Services must, from the date of commencement of this Act, provide the National Commissioner of the South African Police Service with the list of offenders who are serving a sentence in respect of any offence listed in Schedule 8 and have been released on parole or under correctional supervision.

(9) The National Commissioner of the South African Police Service, with the assistance of the National Commissioner of Correctional Services, must ensure that the forensic DNA profiles of persons who are in custody pending their reappearance in court in respect of any offence referred to in Schedule 8 to the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), and whose DNA samples were not taken upon arrest when this Act commences, are taken.

(10) For the purposes of subsections (7), (8) and (9) a buccal sample must be taken by an authorised person who is a police official.

(11) The National Forensic Oversight and Ethics Board must—

(a) be appointed before the commencement of this Act, and

(b) have its first meeting convened within 30 days after the commencement of this Act.

(12) The removal of the forensic DNA profiles in the Casework Index and Reference Index must be performed within one year after the system solution to support the operation of the NFDD has been established.

(13) The Director-General of the Department of Justice and Constitutional Development must on a monthly basis provide the National Commissioner of the South African Police Service with an updated list of all persons that were ordered to be entered on the National Register for Sexual Offenders, until the system solution referred to in subsections (3) and (12) comes into operation.

(14) Any forensic DNA profile derived from a crime scene sample or derived from a sample related to a missing person or unidentified human remains and which was received from or communicated with a foreign state or a recognised international law enforcement organisation, court or tribunal before the commencement of this Act, must be deemed to have been received from or communicated in terms of section 15O of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995).

Repeal of laws

8. The following laws are hereby repealed to the extent indicated in column 4 of the table hereunder:

Act No.	**Year**	**Name of Act**	**Extent of amendment or repeal**
60	2000	Firearms Control Act	1. The definitions of ''authorised person'', ''body-prints'', ''child'' and ''comparative search'' in section 1 are hereby repealed. 2. Section 113 is hereby repealed, except for subsection (4).
Act No.	**Year**	**Name of Act**	**Extent of amendment or repeal**
15	2003	Explosives Act	1. The definitions of ''authorised person'', ''body-prints'', ''child'' and ''comparative search'' in section 1 are hereby repealed. 2. Section 9 is hereby repealed, except for subsection (4).

Short title and commencement

9. This Act is called the Criminal Law (Forensic Procedures) Amendment Act, 2013, and comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

(b) wat vrygelaat word voordat hul vonnis uitgedien is, hetsy op parool of onder korrektiewe toesig deur ’n hof.

(8) Die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste moet, vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens voorsien van die lys oortreders wat ’n vonnis vir enige misdryf genoem in Bylae 8 uitdien en op parool of onder korrektiewe toesig vrygelaat is.

(9) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, met die bystand van die Nasionale Kommissaris van Korrektiewe Dienste, moet verseker dat die forensiese DNS-profiele van persone wat in aanhouding is hangende hul herverskyning voor die hof in verband met enige misdryf in Bylae 8 tot die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), bedoel, en wie se DNS-monsters nie by inhegtenisneming geneem is nie wanneer hierdie Wet in werking tree nie, geneem word.

(10) By die toepassing van subartikels (7), (8), (9) moet ’n wangholtemonster deur ’n gemagtigde beampte wat ’n polisiebeampte is, geneem word.

(11) Die Nasionale Raad vir Forensiese Oorsig en Etiek moet—

(a) voor die inwerkingtreding van hierdie Wet aangestel word; en

(b) sy eerste vergadering hou binne 30 dae na die inwerkingtreding van hierdie Wet.

(12) Die verwydering van die forensiese DNS-profiele in die Saakwerk-indeks en Verwysingsindeks moet geskied binne een jaar na die instelling van die stelseloplossing vir die ondersteuning van die werking van die NFDD.

(13) Die Direkteur-generaal van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling moet die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens maandeliks voorsien van ’n bygewerkte lys van alle persone ten opsigte van wie ’n bevel vir opname in die Nasionale Register vir Seks-oortreders uitgereik is, totdat die stelseloplossing in subartikels (3) en (12) bedoel, in werking tree.

(14) Enige forensiese DNS-profiel ontleen aan ’n misdaadtoneelmonster of ’n monster afkomstig van ’n vermiste persoon of ongeïdentifiseerde menslike oorskot en wat van of met ’n vreemde staat of ’n erkende internasionale wetstoepassings-organisasie, hof of tribunaal ontvang is of gekommunikeer is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, moet geag word ingevolge artikel 15O van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995), ontvang of gekommunikeer te wees.’’.

Herroeping van wette

8. Die volgende wette word hierby herroep tot die mate in kolom 4 van die volgende tabel aangedui:

Wet No.	Jaar	Naam van Wet	Omvang van wysiging of herroeping
60	2000	Wet op die Beheer van Vuurwapens	1. Die omskrywings van ‘‘gemagtigde persoon’’, ‘‘liggaamsafdrukke’’, ‘‘kind’’ en ‘‘vergelykende soektog’’ in artikel 1 word hierby herroep. 2. Artikel 113 word hierby herroep, met uitsondering van subartikel (4).
15	2003	Wet op Springstof	1. Die omskrywings van ‘‘gemagtigde persoon’’, ‘‘liggaamsafdrukke’’, ‘‘kind’’ en ‘‘vergelykende soektog’’ in artikel 1 word hierby herroep. 2. Artikel 9 word hierby herroep, met uitsondering van subartikel (4).

Kort titel en inwerkingtreding

9. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Strafreg (Forensiese Prosedures), 2013, en tree in werking op ’n datum by proklamasie deur die President in die *Staatskoerant* bepaal.